# Hoofstuk 111.

## N.G. „Kerkskole" in Rhodesië . 1890 - 1912.

### 1. DIE PROBLEEM GESTEL.

Die onderwys as 'n besondere werksaamheid van die N.G.Kerk het sy oorsprong in die verbondsleer van die Calvinisme. In die belydenisskrifte van hierdie Afrikaanse Kerk waarop die erfenis van die Boerenasie gefundeer is, word ten opsigte van die opvoeding van die kind die Calvinistiese beginsel gehuldig dat die Christelike Kerk 'n besondere taak het om te vervul, naamlik om te versoker dat „die jeug van die Calvinistiese volk --- steeds gebring (moet) word tot die kennis en die diens van God, want sonder die regte opvoeding in die kennis en vrese van die Here kan die jeug nie kom tot die hoogste goed in die lewe; tot 'n volkome toebereiding vir hierdie en die toekomende lewe nie."[1)]

Waar dit dus die opdrag van die Kerk is om hierdie Calvinistiese lewensopvatting skrifgebonde te bewaar, om te waak teen die gebrek aan kennis wat die ondergang van die volk sal beteken, om te onderwys, was dit die besondere probleem van die N.G.Kerk in Rhodesië om te midde van ander sterker mededingende kerke 'n onderwys te verskaf wat in samewerking met die ouer die kind vir sy Calvinistiese maar ook sy Afrikaanse geloofsbelydenis sou bewaar. Hierdie onderwys sou in 'n mate altans verseker dat, aangesien die N.G.Kerk die enigste kerk in die land was wat dié geloofsbelydenis gehuldig het, die kind binne die gereformeerde kerkverband behoue sou bly. Omdat verder die Boerekerk die sterkste vesting teen enige denasionaliserende invloede was, was daar die versekering dat, aangesien 'n volk alleen sy bestaan regverdig as hy in direkte ontwikkelingslyn staan met die oorspronklike Godsbestemming, die Afrikaner aan sy besondere roeping om die Christelike godsdiens in Afrika te bestendig, getrou sou bly solank die kind binne daardie kerkverband bewaar kon word.

---

1) Coetzee: Eerste Beginsels van die Calvinistiese Opvoeding, Tl. [illegible]-

In hierdie geskrif word die pogings wat die N.G.Kerk aangewend het om in Rhodesië só 'n onderwys vir sy lidmaat te verseker, in historiese en kritiese perspektief gesien, en wel uit die volgende gesigspunte: Byna twee dekades lank was die "kerkskole", dit wil sê skole wat deur bemiddelling of bemoeiing van die Kerk tot stand gekom het, die vernaamste opvoedkundige inrigtinge in die nuwe land. Daarna het, weens algemene ontevredenheid van die kant van die publiek en gebrekkige fondse van die kant van die kerk, die staat die onderwys oorgeneem. (Hoofstuk 111). Vervolgens was daar die stryd van die N.G.Kerk om deur middel van deputasies na die owerheid en eindelik deur die oprigting van Christelik-Nasionale skole die regte onderwys vir die Afrikaanse kind te verseker. (Hoofstuk 1V). Na die verval van die C.N.O.skole is herhaalde versoeke tot op datum aan die Regering gerig om die toestand te verander, maar met uitsondering van 'n paar toegewings is die beleid nie radikaal gewysig nie. (Hoofstuk V). Die wese van die hele stryd en die eintlike beginsels wat op die spel is, noop die N.G.Kerk om hierdie stryd vir die volksregte nie op te gee nie. (Hoofstuk V1). Inteendeel die N.G.Kerk en die Afrikaanse volk het kragtens sy hele verlede - in sowel Suid-Rhodesië as die Unie van Suid-Afrika, kragtens alle wetenskaplike en opvoedkundige, menslike en Christelike beskouinge die reg om as oplossing vir die onbevredigende toestand Afrikaanse moedertaalonderwys vir die Afrikaanse volksdeel in Rhodesië aan te bied. (Hoofstuk V11). Die toepassing en uitvoering van hierdie oplossing om 'n algehele wysiging teweeg te bring, aangesien die bestaande maatreëls soos Daisyfield en andere slegs wanhoopspogings is, word in die slothoofstuk beskryf. (Hoofstuk V111.).

2. DIE VROEGSTE ONDERWYSPOGINGS VAN DIE N.G.KERK.

a. Die Toestande voor 1895.

Afrikaners het die nuwe Britse gebied uit die Kaapkolonie en Republieke binnegetrek. In eersge-

noemde het hulle die onderwys wat hulle wel geniet het, in die neutrale staatskole, wat Engels was, ontvang. Onder inspirasie van manne soos G.W. van den Lingen, S.J. du Toit W.P. de Villiers en die Genootskap van Regte Afrikaners is wel pogings aangewend om die verengelsing en staatsbeheer teë te werk, maar landswye ywer daarvoor was daar nie.[1)]

In die Republieke was daar 'n meer volkseie christelike staatskool, waarvan die voertaal Nederlands was. Hulle was christelike state waarin die kerk wel deeglik invloed op die onderwys uitgeoefen het.[2)] Maar ook hier was dit 'n waarheid „dat ons onsself.... nog baie selde besin het oor 'n eie filosofie van die opvoeding."[3)]

Indien daar dus in Masjonaland 'n staatskool was waarheen die trekkers hul kinders sou kon stuur, sou dit 'n „gemengde" skool gewees het, wat tot alle kerkgroepe sou behoort. Feit is egter dat die B.S.A.Co 'n private maatskappy was wat die hoogste diwidende moes afwerp om sy aandeelhouers tevrede te stel, en daarom nie gretig was om so'n geldelike las op hom te neem nie. In die oktrooi[4)] van die B.S.A. Co. is derhalwe niks met betrekking tot die onderwysverantwoordelikhede van die Maatskappy gemeld nie, maar slegs bepaal dat daar geen inmenging in die godsdiens van enige bewoner van die land sou wees nie (Klousule 6), en dat alle vorme van godsdiensoefeninge of van godsdienstige voorskrifte vryelik gehou sou word en niks gedoen sou word om dit te hinder of te verhinder nie. Die kerke wat dus in die sending of die onderwys belang gestel het, kon desverkiesende die inisiatief op die gebiede neem, en het dit dan ook wel gedoen.[5)]

Die Afrikaanse Kerk was deur die trekke

---

1) Van Wyk,: Die Invloed van Engelse Skoolwese, 129. Malherbe: Education in South Africa (1652-1922), 58.
2) Greyling: Christelike en Nasionale Onderwys, dl.11, 47; Coetzee: Gereformeerde Beginsel, 117.
3) Coetzee: In „Wapenskou", Junie 1944, 18.
4) Vgl. Leyds: Insluiten van de Boeren Republieken, dl. 11, 381 - 397.
5) Vgl. Hoofstuk 11.

na Rhodesië in 'n besonder gunstige maar ook verantwoordelike posisie geplaas, juis omdat dit aanvanklik meestal die Afrikaners was wat gesinne na die land gebring en so die behoefte aan 'n onderwysinrigting geskep het. Vir die Engelse „pioneer"-soldate en jongmanne was immers geen skool nodig nie.

Die feit dat die Afrikaners ver verspreid uit mekaar gewoon het, het meegebring dat die Kerk, as enigste gesaghebbende volkseie liggaam,al instelling was wat in die gesamentlike belang van die ouers ter verkrygging van 'n skool vir hul kinders kon optree. 'n Suiwer kerkskool sou dit om prinsipiële redes nie kon wees nie - die skool stam immers uit die huisgesin en nie uit die kerk nie.

Die ouers wat op hul beurt spaarsame,hardwerkende wetsgehoorsame burgers was, het met hul Bybelse lewensopvatting 'n gemeenskap gevorm wat met vrug deur die Kerk bearbei kon word. Hulle was geen materialistiese fortuinsoekers nie. Daarom het hulle, met hul voorliefde vir die grond, op die onherbergsame velde begin boer terwyl die goudmyne gewag het om ontgin te word. Egter was daar in eie geledere baie min wat in die openbare lewe leiding geneem het. Daar was min geskoolde ambagsliede en 'n beroepsklas het feitlik heeltemal ontbreek. Die Boerelandbouers was nou meer as 'n eeu lank op trek van die Suurveld aan die Karoo tot in die Laeveld aan die Sambesie. Heen en weer het dit oor die tweeduisend-myl-lange suidhoek van Afrika gegaan, terwyl onrus, aanvalle en onenigheid werklike kultuurbelewenis beperk of onmoontlik gemaak het. Die ossewa het die beeld van die geestesgoedere en goeie karaktertrekke van die volk geword.[1)]

Soos reeds gemeld, het die belangstelling van die N.G.Kerk in die „Charter"-gebied gedateer van lank voor die „pionier-column" of die eintlike trekke begin het.[2)] Die opdrag van 5 Nov. 1890 en die afvaar-

1) Gedenkboek: Voortrekker Eeufees 1838 - 1938, 71.
2) Hoofstuk I.

diging van di. Hofmeyr en Stegmann was egter die eerste offisiële optrede van kerksweë om ook die belange van Afrikaners daar te behartig. Na hul aankoms te Salisbury (Julie 1891) is hul baie vriendelik onthaal deur die amptenare van die Maatskappy en kragtens die bepaling in die Oktrooi (Klousule 14) dat al die gebruike en wette van iedere klas, stam of nasie waartoe die partye onderskeidelik behoort het, sorgvuldig in ag geneem sou word, is aan die N.G.Kerk erwe vir 'n kerk en 'n uitspanning beloof. Ten opsigte van die onderwys is hul meegedeel dat vry erwe vir publieke skole, biblioteke en hospitale in die vernaamste dorpe beskikbaar was.[1] Dit wil mens dus wel voorkom of die Maatskappy teen 1891 hul verantwoordelikheid teenoor die onderwys besef het, maar dit aan die kerkgroepe oorgelaat het om van die fasiliteite wat die "staat" verskaf het of sou verskaf, gebruik te maak om skole vir die publiek te begin.

In hul verslag en aanbevelinge het die afgevaardigdes niks oor skole en onderwys gesê nie. Hulle het heelwaarskynlik met baie min kinders in aanraking gekom of gemeen dat die Maatskappy op die regte tyd die nodige in dié verband sou doen. Hulle voorstel dat een of twee gemeentes gestig moes word, wat "vireers vanuit een centraal punt bezocht en bearbeid worden,"[2] het egter die kern van 'n organisasie wat in belang van die onderwys kon optree, bevat, wanneer die land die groot boerebevolking begin trek. Op daardie oomblik wou hulle veral die Sending van die N.G.Kerk in Masjonaland uitbrei aangesien die ander kerke dit blykbaar vooropgestel het. Die Kerk sou daaroor ook kon toesig hou.

Op die vergadering van die sinodale kommissie in 1892 is die verslag bespreek en is besluit dat dit raadsaam sou wees om nie tydelike arbeiders te stuur nie, maar 'n jong proponent vir die werk te soek. Byna anderhalf jaar, waarin die trekbeweging na Rhodesië gegroei het, het verloop voordat so'n persoon, prop. Paul

1) Kerkbode: 6.11.1891.
2) Kerkbode: 6.11.1891. Acta Synodi, 1894: 4.

Nel, gewillig was om te gaan.

By sy aankoms in die land, (23 Mei 1893), was dit vir hom baie duidelik dat 'n groot deel van sy werk sou wees om te trag om soveel voorsiening as wat maar moontlik was, vir die opvoeding van die kinders van sy kerk en ook van ander, "die zich wenschen bij ons aan te sluiten,"[1] te maak. Op Fort Tuli het hy met ontsteltenis verneem dat 'n aantal kinders reeds gedoop, en lidmate aangeneem en getroud was deur ander kerke juis omdat daar geen verteenwoordigers van die "Hollandse" Kerk was nie. Dit was duidelik dat waar die N.G.Kerk hom nie vir die onderwys van die kinders beywer het nie, hulle ewentueel in die hande van die Rooms-Katolieke Kerk veral val. Hy moes dikwels die vraag daar aanhoor of dit nie moontlik vir die N.G.Kerk was om 'n skool daar te begin nie, "daar er zooveel kinderen zijn die haast geen opvoeding kunnen genieten tenzij zij het land uitgezonden worden het geen byna eene onmogelijkheid is voor de ouders."[2] Hy het die saak met komdt. P.Raaff bespreek wat hom ten gunste van so'n voorstel verklaar en alle steun beloof het. Daar was toe reeds sowe huisgesinne met vier-en-twintig kinders terwyl nog twee ander families, waaronder dié van die Kommandant self, verwag is. Die baie transportryers daar het ook nie onverskillig teenoor die opvoeding gestaan nie. Ander gesinne wou ook kom, maar omdat daar geen kans vir die opvoeding van die kinders was nie, "doen zij het liefst niet."[3] Aan die moderatuur het hy berig dat geld, jongmanne en jongvroue nodig was om die verantwoordelike werk in die land te onderneem. Dit was nou die gulde geleentheid, het hy betoog, vir diegene wat so toe die Sending te velde getrek het en gemeen het dat in die behoeftes "van ons eie mense" eers voorsien moes word, om by te dra en te help om die "vlees van ons vlees en been van ons been" te bearbei. Dit was terself-

1) Kerkbode: 16.5.1893.
2) Kerkbode: 16.5.1893.
3) Idem.

dertyd 'n uitdaging aan die wat die Sending vooropgestel het om die voorposte van die blankes nie te verwaarloos nie, en om sendeling-onderwysers aan te moedig om die werk op hulle te neem. Indien die skool dan eendag moes gesluit word, kon hulle met die sendingwerk voortgaan.

Aangesien daar egter geen versekering was dat die gevestigde families daar sou bly nie en die mense meer noordwaarts beweeg het, was ds. Nel huiwerig om op 'n skool by die Administrasie aan te dring.

Op Fort Victoria het hy drie erwe gekry om te bebou, maar daar weer was soveel siekte en ook onsekerheid, dat niks verder in belang van die onderwys gedoen kon word nie.[1)]

Op Fort Charter het die ouers wat almal Afrikaners was, reeds voor sy koms standplase vir 'n kerk en skool uitgesoek, selfs al was daar nog geen dorp geproklameer nie. Ook hier sou die Kerk dus dadelik in belang van die Afrikaanse gemeenskap, wat vinnig begin toeneem het, kon optree. Te Salisbury was daar nog baie werk om te doen, al was die Roomse en Episkopaalse Kerk die N.G. Kerk voor wat hospitaal- en opvoedingswerk betref. Hy het die hoop uitgespreek dat dit later beter sou gaan. Die werk wat hy beoog het, sou vanuit Salisbury gedoen moes word, en daarvoor was geboue nodig. Dit was tyd vir die N.G.Kerk om te werk; "want reeds zijn wij laat begonnen, dog niet te laat."[2)]

Terwyl hy nog gewag het op goedkeuring van die moderatuur om met die bouwerk te begin, het die Matabele-oorlog uitgebreek en daar hy veronderstel het dat die oorlog lank sou duur, en die mense daarna in ieder geval na Bulawayo sou trek, het hy voor die einde van 1893 na die Kaapkolonie teruggegaan. Daar was vir hom geen werk in die land nie, het hy berig.[3)]

Dit het beteken dat toe Afrikaners na die oorlog, wat nie baie lank aangehou het nie, in groot ge-[...]

1) Kerkbode: 13.7.1893.
2) Kerkbode: 11.8.1893.
3) Hoofstuk 1.

talle alle dele van Rhodesië binnegetrek het, hulle geen kerk of skool en geen leraar of leier gehad het, wat vir hulle of vir hulle kinders in die bresse kon spring nie. Die ouers moes tot 1895 teen wil en dank gebruik maak van die inrigtings van ander kerke wat, al het by hulle die kerklike en onderwysaangeleenthede nie noodwendig swaarder as by die N.G.Kerk geweeg nie, blykbaar baie meer oortuig was van die waarde van doeltreffende en onmiddellike optrede.

Die Anglikaanse Kerk het in dié verband ook hul sendingwerk as uitgangspunt vir werk onder die blankes gebruik. Reeds in 1888 het die biskop van Bloemfontein, biskop G.W.Knight-Bruce, 'n trek na Masjonaland onderneem om die moontlikhede van sendingwerk daar te ondersoek. Ten gevolge van sy verslag het dié Kerk se "Society for the Propogation of the Gospel" die som van £7000 vir sewejaarlange sendingwerk in Masjonaland beskikbaar gestel. In 1890 het Canon Balfour die "Pioneer Column" as kapelaan vergesel en binne 'n paar maande het die eerste kerkie te Salisbury gepryk. Die geboutjie was van pale en modder en het in die reënseisoen inmekaar geval, maar daar is weer gebou totdat in 1893 'n steengebou verskyn het. Ook te Umtali en Fort Victoria het Engelse kerkies verrys. Knight-Bruce wat in 1892 biskop van die land geword het, was 'n invloedryke kerkman. In 1893 het hy kapelaan van die laer teen die Matabeles geword nadat hy van Engeland teruggekeer het waar hy geld gaan kollekteer en werkers gewerf het ten behoewe van die nuwe "diosees". By die "okkupasie" van Bulawayo was hy teenwoordig om 'n erediens waar te neem, waarna hy 'n kerk gestig en sy werk in die verowerde land begin het. Toe die N.G.Kerk in 1895 weer op die toneel verskyn het, was daar reeds van die Anglikaanse Kerk, behalwe die biskop, 'n aartsdeken, drie ander predikante en twee leke-predikers in die verskillende dorpe werksaam.[1)]

---

1) Short Survey of the History of the Diocese,1888-1938,2

Die Rooms-Katolieke Kerk wat sedert die dae van die Portugese nedersetting langs die ooskus die land probeer bearbei het, het in 1885 grond van Lobengula vir sendingwerk te Empandeni benoorde Bulawayo gekry, maar het die werk na 'n rukkie gestaak. Die een priester, Fr. Hartman, het ook as kapelaan saam met die pioniersekspedisie uit Kimberley in 1890 vertrek, terwyl sy kollega, Fr. E.Prestage, hom 'n rukkie later gevolg het met Mother Patrick en 'n paar Dominikaanse susters wat ingewillig het om die siekes en gewondes te kom verpleeg. In Julie 1891, feitlik gelyk met die afgevaardigdes van die N.G.Kerk, het hulle in Salisbury aangekom waar hulle dadelik met 'n hospitaal in die „laer" begin het. 'n Jaar later het hulle met die enigste en eerste skooltjie begin (Oktober 1892). Toe aan die einde van die jaar skoolpryse uitgedeel is, het daar onder die name van die kinders ook 'n paar uit Afrikaanse huise verskyn. In 1894 het die Roomse 'n kerk en hospitaal in Bulawayo geopen en in 1896 het hulle St. George's-skool daar begin. Hulle het immers ook nou die waarheid besef dat die sendingideale „could be realized only by <u>active co-operation</u> with those who alone could make the country safe for European habitation."[1] Deur hulle optrede in belang van die blanke het hulle in ieder geval nie die sending verwaarloos nie, en dit kon ook tot voorbeeld vir die N.G.Kerk gedien het.

Selfs die Wesleiyaanse Kerk het na die sending-inspeksietoer van eerw. O.Watkins en I.Shimmin, wat die eerste N.G.afgevaardigdes in Fort Victoria ontmoet het, besluit om in Salisbury onder die blankes te werk, en in 1892 het hulle die eer gehad om die eerste steenkerk daar te open. Uit hul hoofstasie op 'n plaas naby Salisbury, Epworth, het hulle kerke en sendingstasies in elke belangrike sentrum geopen.[2]

In die ooste van die land het 'n Ameri-

---
1) Verwimp: a.w. 182.
2) Guide to Rhodesia 1924, 341.

kaanse sendinggenootskap hul blanke werkers ook vir die onderwys van die trekkers afgesonder.[1]

Selfs die Joodse gemeenskap het al in 1894 hul gemeentes in Salisbury en Bulawayo gehad, met hul geaffilieerde verenigingo wat liefdadigheids-en opvoedingswerk behartig het.[2]

Dit was dus feitlik net die N.G.Kerk wat in gebreke gebly het om enige permanente kerklike of onderwysfasiliteite vir sy lede te bied. Die oorsake daarvan is verskillend. Die oktrooi self was van karakter Brits, en sou so bly (Klousule 6); die vernaamste verteenwoordigers van die Maatskappy in Afrika en die direkteure moes altyd gebore Britse onderdane wees wat sou toesien dat die Oktrooi vertolk, uitgelê en verklaar word in die gunstigste en voordeligste betekenis vir en ten bate van die maatskappy-......nieteenstaande enige ontbrekende of onjuiste vermelding, onsekerheid of onvolkomenheid (Klousule 31). Immers dui die hele agtergrond van die Oktrooi op die werk van die Engelse Sendelinge. Daar was dus geen Hollandssprekende Afrikaner in die Bestuur nie behalwe later J.H.Hofmeyr.

Oënskynlik het daar egter weens die politieke ommeswaai van die Afrikanerbond en ds. S.J.du Toit die grootste eensgesindheid tussen sekere seksies van die bevolking en die heer Rhodes geheers.[3] Kerkliede soos die reedsgenoemde ds. S.J.du Toit en J.H.Hofmeyr L.W.V. was vurige ondersteuners van Rhodes en sy imperiale uitbreidingsplanne. Daar kan egter nie ontken word dat die Kerk in sy geheel nie soveel in die Maatskappy en sy doen en late geïnteresseerd was nie, maar eerder deur die politieke tweespalt verswak is.[4] Diegene wat die Afrikaners in Rhodesië bearbei wou sien, sou heelwaarskynlik vyandig gestaan het teenoor die Maatskappy. Ander kon verder geredeneer het dat aangesien die mense

1) Hoofstuk 1.
2) Guide to Rhodesia, 342.
3) Hofmeyr: Het Leven van J.H.Hofmeyr, 429.
4) Blok: Adendorff-Trek, 42.

wel agter Rhodes aangetrek het, dit 'n bewys was van die politieke gesindheid van die trekkers. Ten opsigte van die nasionale gevoel was daar in „laissez faire"-houding wat die Genootskap van Regte Afrikaners nog maar begin teenwerk het en nog glad nie die breë lae van die Kerklidmate beïnvloed het nie. Dit was waar dat daar 'n gebrek aan arbeiders was en dit verklaar waarom die moderatuur so moes sukkel om persone te kry wat gewillig was om te gaan. Maar dit was juis die beleid van verengelsing wat die nasionale talent en roepingsbewussyn die demper opgesit het en die geleerdes onder die volk tot 'n minimum beperk het. Toe dit verder duidelik geword het dat inwoners van die Republieke (met die Adendorff-trek), hulle ook in die gebied van die Maatskappy begin interesseer het, het die Kerklike owerheid die Sendelinge laat verstaan dat dit beter sou wees om hulle met die saak nie in te laat nie.[1] Dit verklaar gedeeltelik waarom A.Louw en S.Helm wat tog bewus was van die goeie reg van die trekkers,[2] hulle streng by die sendingwerk bepaal het. Vir die eerste afgevaardigdes was die werk onder die inboorlinge ook van net soveel belang soos die werk onder blankes, al is hulle nie gevra om daaroor 'n mening uit te spreek nie. Waar dus die ander Kerke juis hul sendelinge en sendingkennis gebruik het in diens van die blankes in die nuwe gebied, daar het die N.G.sendelinge, uit vrees dat hulle aanstoot sou gee hulle eie „private neiging en voorliefde"[3] moes beteuel en streng tot die sendingveld beperk gebly, al was dit ook duidelik dat die blanke gemeenskap hul dienste net so nodig gehad het.

Benewens die kerklike agtergrond in die Kaapkolonie, was daar ook die kerklike wette en bepalinge wat die ontwikkeling van die N.G.Kerk in Rhodesië vertraag het. Waar die ander Kerke hul owerhede gesag verleen het om leraars vir enige werk of in belang van

1) Blok: Adendorff-Trek: 42.
2) Blok: a.w. 41.
3) Blok: a.w. 41.

enige gemeente af te sonder, daar was die N.G.Kerk gebonde aan die beroepstelsel. In sy wese is die stelsel vir die Calvinis die enigste aanneembare, maar dit het geen oplossing vir die probleem in Masjonaland gebring nie.Die moderatuur het wel volmag gehad met die benoeming van die eerste twee lede, di. Stemann en Hofmeyr, maar daarna moes hy wag totdat een of ander persoon hom sou kom aanmeld en gewillig sou verklaar om 'n werk te aanvaar,van die besonderhede waarvan hy nie altyd kennis gedra het nie. Wanneer die omstandighede wat in die Kaapkolonie self geheers het, in ag geneem word, moet dit duidelik wees waarom niemand hom graag vir die bediening in Masjonaland wou aanbeveel nie.

Ten opsigte van die gebrek aan enige aanbevelinge in verband met die onderwys in die rapport van di. Hofmeyr en Stegmann dien gesê te word dat die kommissie nie die behoefte daaraan kon opmerk in die blanke gemeenskap in Salisbury wat maar omtrent drie-honderd, en meestal alleenlopendes, was nie. Ds.Nel het in die dorpies soos Tuli, Fort Victoria en Charter ook die familiegroepe wat 'n skool nodig had, opgemerk, maar naby Salisbury was daar nie so'n groot getal nie. Hy het wel gehoop dat die meeste boere daarheen sou verhuis,maar die distrik het nooit die aantal Afrikaners in daardie eerste jare getrek wat die ander distrikte wel gedoen het nie. Dit was miskien deels te wyte aan die feit dat dit die setel van die Administrasie was en die hoofdorp op die goudrif, en dat die Afrikaner gevoel het dat die landbou en die goud nie saamgaan nie. Soos later geblyk het, was, wat die Afrikaner betref, Salisbury die swakste dorp om as maatstaf gebruik te word, maar dit het genoemde afgevaardigdes nie geweet of kon raai nie.

Ds. Nel sou seker baie vir die Afrikaanse gemeenskap kon beteken het, aangesien hy reeds met sy skema van sendeling-onderwysers soos by Tuli nodig geblyk het, 'n oplossing vir sowel die onderwys as die sending gehad het. In vergelyking met die ander kerke se

werkkragte in die land was hy egter baie onervare, en dit verklaar gedeeltelik sy besluit om die land te verlaat. Die moderatuur kon hom nie juis vra om aan te bly in 'n land waar daar geen werk was nie (aldus het hy gerapporteer), maar indien hy tog in die sendingveld-waarheen hy oorspronklik wou gaan - [1] tydelik wou arbei, kon hy die verwikkelinge gevolg en binne enkele maande weer terug op sy pos gewees het, waarna daar wel byna te veel werk vir hom sou wees. Veral sou hy al dadelik in Bulawayo kon begin, want soos hy voorspel het, het die meeste trekkers daarheen gegaan.

Sy te vroeë vertrek het die Afrikaanse nedersetters sonder enige amptelike verteenwoordiger gelaat juis op die oomblik en gedurende die tydperk dat Afrikaners Gazaland, Charterland en Matabeleland in groot getalle binnegetrek het. Vanaf 1890 tot 1895 het die onbevredigende toestand in die land bly heers en dit kon nie anders as 'n nadelige uitwerking op die Afrikaanse volksdeel uitoefen nie. Terwyl al die ander kerkgroepe kerke, hospitale of skole in die land opgerig het, moes die Afrikaner in sy ongeorganiseerde toestand slegs gebruik maak van wat ander in dié opsigte in die land tot stand gebring het. Dit alleen moes hom minderwaardig laat voel het. Sy aandeel aan die openbare lewe was ook minimaal omdat hy hom op die landbou toegelê het. Daarom kon ook geen besondere aandag aan die spesiale behoeftes van die gemeenskap verseker word nie en is sekere wetsbepalinge neergelê wat as die „bron van die kwaad" van vandag beskou kan word. Omdat hy op die „land" gebly het, was hy verstoke van die fasiliteite wat wel deur die kerk en skole van ander kerke aangebied was. Dit het die afstomping van kulturele krag wat dikwels op die lang trekke ingetree het, vererger. In die teenslae wat hulle daar op die plase in die eksperimentele stadium moes beleef, en waaruit die meerderheid van hulle arm, siek of verhongerd getree

1) Sien Brief van Assessor Synodi: 9.12.1892.

het, het hulle geen geestelike versorger gehad wat kon aanmoedig en die dryfkrag help bewaar nie. Maar wat wel verbasend was, was dat hulle so selfstandig gebly en die Afrikaanse volkskarakter behou het.

b. Ds. Strasheim en die Eerste Onderwysondernemings.

Terwyl die moderatuur nog op soek na leraars vir Rhodesië was, is gereël dat die N.G.kinders in die skole van die Kerk van Engeland opgeneem sou word. Vir dié guns sou die N.G.Kerk 'n deel van die salaris van die onderwyser betaal.[1)]

Eindelik het ds. P.Strasheim aan die geroep om na Rhodesië te vertrek, gehoor gegee en het hy opdrag van die moderatuur ontvang om as verteenwoordiger van die N.G.Kerk in Masjonaland die verstrooide lede aldaar te besoek, hulle in 'n gemeente te vorm, indien moontlik, en voorts om alles te doen wat sy hand sou vind om te doen tot bevordering van die heil van die siele „zowel onder hun die niet als die wel tot onze kerk behoren."[2)]

Ds. Strasheim was 'n baie bekwame organiseerder, soos die drie-en-twintig liggame waarin hy in die Kaap sitting gehad het, kon getuig. Hy was ook aktief werksaam in die onderwysliggame, en kon daarom die versoeke van ds. Nel en mnr. Martin ten opsigte van 'n sendeling-onderwyser waardeer. Derhalwe het hy 'n „godsdiensonderwyser", eerw. J.Groenewald, saamgeneem om te sorg dat die samekomste gereeld gehou word of in die onderwys van die „aankomende lidmate" te voorsien of te gaan waar die leraar verhinder sou word.

Hulle het in Augustus 1895 in Bulawayo aangekom nadat hy Fort Victoria en Charter aangedoen en die toestande veral met betrekking tot die onderwys in oënskou geneem het. Sy onmiddellike doel was om die Administrateur daar te spreek insake die oprigting van en finansiële steun aan skole.

1) Handelinge: Sinodale Kommissie, 1894.
2) Acta Synodi, 1897, 17.

Dr. L.S.Jameson, die administrateur, het hom alle steun van owerheidswee belowe, en daarna is 'n behoorlike memorandum van ooreenkoms wat tussen die B.S.A.Co. en die N.G.Kerk aangegaan is ten opsigte van staatsondersteuning aan sekere skole wat deur die N.G. Kerk opgerig sou word, opgestel.[1] Daarvolgens sou die regering ter oprigting van skoolgeboue te Bulawayo, Fort Victoria, Umnjati en 'n plek tussen Umtali en Charter, en naby Melsetter bydraes op die pond-vir-pond beginsel skenk. Sulke bydraes sou nie die som van £300 per jaar mag oorskry nie, daarby sou die regering 'n helfte, met 'n maksimum van £30, betaal as die geboue gehuur moes word. Verder sou die regering een-derde van die salaris van die onderwysers betaal.

Die interne beheer van die skole is gelaat in die hande van die N.G.Kerk, maar die regering het hom die reg voorbehou om van tyd tot tyd advies te gee solank bydraes nog uit die staatskas betaal is. Al die reëlings sou van krag bly tot April 1901. Daarna sou die geboue die eiendom van die N.G.Kerk word, maar die regering sou die reg hê om indien 'n neutrale stelsel van onderwys in werking sou tree, leerlinge van alle gelowe in die geboue te laat onderwys op voorwaarde dat sulke kinders deur die onderwysers wat deur die N.G.Kerk aangestel is, onderrig word, en hulle onderwerp aan die reëls wat vir die interne beheer van die onderwysers opgestel is.[2]

Hierdie reëlings het die N.G.Kerk op gelyke voet met die ander kerke geplaas en daarom kon ds. Strasheim op die gemeentevergadering wat die begin September gehou is, ook die oprigting van die skoolgeboue bespreek. Aan die moderatuur het hy berig dat nog vier manne nodig sou wees om die werk in die ander wyke wat hy wou besoek, te doen. Eerw. Groenewald sou intussen op Bulawayo begin terwyl gemeentes gestig en skoolsake bespreek sou word op al die ander plekke wat

1) Strasheim: In the Land of Cecil Rhodes, 60.
2) Kerkbode: 15.9.1895.

hy met die doel sou gaan besoek.

Nadat hy vervolgens Melsetter, Enkeldoorn en Fort Victoria tot gemeentes gestig het, toegesien het dat kerkrade en boukommissies gekies word, en die waarborg vir die onderwyser se salaris geteken is, het die dominee die beroep as leraar „die gehouden zal zijn als Hoofd der scholen onzer kerk te ageeren" [1] vir die N.G. Kerk in Rhodesië bedank en weer na die Kaapkolonie vertrek om te probeer om die ander sendeling-onderwysers te kry. Die volgende jaar was hy terug in die land met die twee ongeordende sendelinge, J.Liebenberg en P.le Roux wat op Umtajati en Melsetter respektiewelik die onderwys sou behartig. Die Masjona-opstand egter het sy verdere optrede in belang van die onderwys van die Afrikaanse kind tot die „oostelike distrikte" beperk.

Ds. Strasheim se werk in verband met die opvoeding van die Afrikaanse kind getuig van sy belangstelling, en trouens ook dié van die hele Kerk, in die onderwys van die kind. Dit was vir hom duidelik dat die Afrikaanse kind alreeds te lank verwaarloos was, en daarom het hy met sy sendeling-onderwysers feitlik die onderwys bo die gemeentelike werk gestel, want hy het besef dat die gemeentes in hul pionierstoestand onmoontlik nog vir 'n predikant sou kon betaal, as dié se dienste wel verkry word.

Die ooreenkoms tussen hom en die regering het gespreek van deeglikheid en afronding, en as in aanmerking geneem word dat hy dit opgestel het nog voordat hy in die ander dele van die land was, moet sy besondere organisasievermoë en insig aangeprys word. 'n Swakker man sou heelwaarskynlik die gemeentes moes laat toesien om die onderwys behartig te kry, terwyl ds. Strasheim met beslistheid voor die Administrateur en daarna met praktiese advies voor die kerkrade en boukommissies kon optree. Sy koms was juis op die sielkundige oomblik so betekenisvol want die vernaamste trekgeselskappe het reeds

---

1) Notule: N.G.Kerk Bulawayo, 1.

die land ingekom en die Afrikaanse gemeenskap was besig om gevestig te raak. Daar was wel nog baie rondtrekkery maar die meeste immigrante het geweet wat hulle wou hê en waarheen hulle sou trek voordat hulle uit die suide uit beweeg het.

In die afvaardiging en werk van juis so 'n persoon as ds. Strasheim kan baie duidelik die hand van die God in wie se Naam hy afgereis het, bespeur word. „By the grace of God I am leaving with my helpers.....and we will do whatsoever our hands findeth to do for the extension of our Master's Kingdom, the intellectual and spiritual welfare of our people in Rhodesia and Gazaland.....to put the finishing touch to His work to His glory in the land of Cecil Rhodes."[1)]

3. DIE SKOLE VAN DIE N.G.KERK IN RHODESIË. - ONDERSTEUNDE „KERKSKOLE."

a. Tot na die Eerste Onderwysordonnansie. (1899).

i. In Matabeleland.

In Bulawayo het ds. Strasheim dadelik die saak van 'n skool op die stigtingsvergadering van die gemeente op 6 September 1895 aanhangig gemaak, en daar is £152 vir 'n skoolgebou op die lys geteken. Die eerste N.G.onderwyser het dan ook nie lank gewag om met die werk te begin nie, veral aangesien hy verneem het dat die tweehonderd siele in Bulawayo aangevul sou word deur omtrent vyftig families wat op pad was na die dorp. As onderwyser moes hy van Maandag tot Vrydag, van negetot eenuur elke dag onderwys gee. In die naweek moes hy natuurlik die kerkdienste waarneem. Daarvoor is aan hom 'n salaris van £200 per jaar betaal waarvan die regering volgens ooreenkoms, £75 sou gee. Hy kon vry woon in twee kamers wat aan die skool, aangebou sou word.

Aangesien die skoolgebou waarin die godsdiensoefeninge ook gehou sou word, eers teen die einde van November gereed sou wees, is besluit om nie nog twee

1) Strasheim: In the Land of Cecil Rhodes, 122.

maande te wag nie, maar om dadelik twee kamers te huur en met die skool op 1 Oktober 1895 te begin. Die skool moes onder toesig bly van die kerkraad, dog dié het 'n kommissie benoem om in verband met die skoolsake op te tree en ook as boukommissie te ageer.[1)]

Net na die skoolgebou klaar was, het die Matabele-opstand uitgebreek. Die onderwyser het siek geword, skoolsake is ontwrig en armoede het op die laerlewe gevolg.[2)] Daarna het Rhodes wat bly belang stel het in die onderwysondernemings van die land, aan eerw. Groenewald £100 gegee om sy agterstallige salaris aan te vul. Die eerwaarde wat besef het dat 'n groter ledetal meer fondse beteken het, het hom nie alleen beywer om plase te kry vir die boere wat teen die Matabeles opgetree het, maar ook om op 'n stuk grond vir 400-500 erwe buite Bulawayo wat deur Rhodes gegee is, 'n „Hollandse Dorp" te stig.[3)]

Toe die skool hervat is, het sy getal leerlinge toegeneem tot 35, weer gedaal tot 14 en daarna stadig gestyg tot 34 in Junie 1897.[4)] Dit het „heel good" gegaan en hy het selfs aan sy suster geskryf om hom in die skool te kom help en in Mei 1898 het sy haar dienste vir 'n periode van twaalf maande as assistente aangebied teen 'n salaris van £100 per jaar. Hulle het toe reeds 73 leerlinge op die registers gehad, en het gevolglik die kerkraad meegedeel dat die getal te veel vir een onderwyser was, en dat die kinders weer tot die Roomse skool sou oorgaan, waaruit hy by sy aankoms so gesukkel het om hulle te kry,[5)] indien mej. Groenwald aan die einde van haar dienstermyn sou vertrek. Maar die kerkraad het besef dat, hoewel daar 370 siele in die gemeente was wat die salaris van die onderwysers moes oplewer, 200 van hulle so verarmd was dat hulle hulle nie behoorlik kon kleed nie.[6)] In die skool het die helfte van die kinders gratis onder-

1) Notule: N.G.Kerk, Bulawayo, 2.
2) Kerkbode: 1896, 794.
3) Kerkbode: 8.7.1897.
4) Kerkbode: 8.7.1897.
5) Kerkbode: 11.8.1898.
6) Kerkbode: 1898, 500.

wys ontvang sodat die inkomste allerweë baie min was. Die volgende jaar het baie van die armes terug na die kolonies gegaan maar het die onderwyseres ook reeds vertrek omdat haar salaris nie gevind kon word nie.[1)]

Met 43 leerlinge op die register was dit nog 'n eenmanskool toe die eerste Onderwysordonnansie in 1899 in werking getree het. Omdat daar egter meer as 25 leerlinge was, kon op die pond-vir-pond toegewing aanspraak gemaak word. Nogtans het die kerkraad 'n ekstra toelaag van die regering nodig gehad om te kon „deurkom". Om in die onderwys- en ander behoeftes van die armes te voorsien, het eerw. Groenwald die Moderatuur versoek dat elke gemeente £3 opsy moes sit vir die noodlydendes in Matabeleland, maar met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog moes die skema gestaak word. Met die hulp van die Mochudi-sendelinge kon die eerwaarde egter meer aandag aan die onderwys gee terwyl die gemeentebelange deur die besoekende werkers behartig is. Dit was nogtans nie moontlik om aan die kinders in die verskeie vlugtelingkampe wat binne die gemeentelike grense ontspring het, onderwys te gee nie. Van hierdie kampe was daar een benoorde die Limpoporivier, een te Mahalapye, een te Le Ching en een net ses myl buite Bulawayo.

Ook in ander dele van die gemeente het die getal lidmate toegeneem sodat Mangwe en Lobenvale om onderwysers gevra het.[2)]

Die eerste Ordonnansie het egter beteken dat daar nou in die land 'n onderwysdepartement was wat in eerste instansie die regeringstoelae kon kontroleer en ko-ordineer, en wat daadwerklik in belang van die onderwys van die land kon optree. Terselfdertyd het dit voorsiening gemaak vir ondersteuning aan publieke skole, die eerste waarvan reeds in 1898 te Salisbury ge-open is en waarheen dus die kinders van die N.G.Kerk kon gaan, in plaas van na die ander kerkskole.

---

1) Kerkbode: 1899, 147.
2) Report: B.S.A.Co., 1899.

Toe aan die einde van die Oorlog 1902 Groenewald vertrek het, het dit die gemeente geluk om 'n ander onderwyseres, mej. K.Friend, te vind wat die skool met 40 leerlinge aan die gang gehou het.[1)]

ii. In Gazaland.

Die probleme wat die trekkers na Gazaland ten opsigte van die onderwys in die gesig gestaar het, was groter as dié wat in Bulawayo geheers het. Die Boere het verby die Melsetter-nedersetting van Moodie getrek, 'n nuwe Melsetter verder noord gevorm en oor die berge na die Umvumvumvu getrek. Dit was hierdie verspreidheid enersyds en die bergagtigheid andersyds wat dit onmoontlik gemaak het dat die families hulle kinders in genoegsame getalle bymekaar kon kry om 'n skool te begin. Daarby was daar ook nog die vrees vir inboorlinge in 'n gebied waar geen militêre beskerming was nie.

Die Amerikaanse sendingstasie te Mt.Selinda het intussen uitgebrei en in 1894 het in hulle diens mej. H.J.Gilson arriveer. Sy was 'n onderwyseres aan die Bloemhof „Seminarie" maar het reeds afgetree, en het seker nie verwag om enige blankes in die nabyheid van die kraal van die gewese Gaza-opperhoof, Mtasa, te vind nie. Maar sowel sy as die stasie in sy geheel was bestemd om 'n belangrike rol te speel in die blanke gemeenskap wat toe reeds byna twee-honderd getel het.[2)] Die sendelinge het daar ook besef, net soos die Rooms-katolieke in Salisbury, dat die blankes 'n atmosfeer sou skep wat in baie opsigte bevorderlik vir hulle eie werk sou wees. Gevolglik is reeds in 1894 'n komitee aangestel „to see what could be done in starting a school for the children of the settlers."[3)] Nadat die trekkers tevergeefs om hulp uit die Suide gevra het, het hulle op 'n openbare vergadering versoek dat die sendingstasie hulle met die opvoeding van hul kinders behulpsaam moet

1) Notule: N.G.Kerk Bulawayo, 1903.
2) Olivier: Pioneertrekke na Gazaland, 139 e.v.
3) Records: E.C.A.M.Report, 1903.

wees. "There seems to be a desire on the part of the Boers to have their children educated by us," het die Sekretaris in September 1895 geskryf. Die Sending-owerhede het daarna besluit om die bepaalde skoolhuisvesting uit te brei, om minstens 12 blanke kinders uit die trekkergemeenskap in te sluit. Die skooltjie vir hierdie kinders is in November 1896 geopen, en "16 girls and boys from the more enlightened families were pupils there."[1)]

Die skool onder Coetzeeskop was byna dertig myl van die Moodie-nedersetting af, sodat dit nie moontlik was vir leerlinge om die skool by te woon tensy hulle kosgangers was nie. Daarby was baie van die mense ook nog bevooroordeeld teen of bang vir die invloed wat die Amerikaanse sendelinge op die geloof van hulle kinders sou hê. Ander het eenvoudig net onverskillig teenoor die opvoeding van hulle kinders gestaan. Van die regering is aanvanklik ook geen steun ontvang nie, terwyl die Sendingraad ook eers nie baie gediend was met die idee om blankes te bearbei nie, "to elevate a nominally Christian people." Bydraes ter oprigting van skoolgeboue was dus maar gering. Desnietemin het die sendingstasie met getrouheid sy beloftes teenoor die boere nagekom,[2)] en was die boeregemeenskap altyd gereed om van die waarde van die inrigting en van sy dienste aan hulle te getuig. (Die enigste twee kinders wat in daardie vroeë jare vir verdere studie na 'n ander skool gestuur is, was leerlinge van daardie skool.)

Nadat die skool so'n noodsaaklikheid en sukses daar geblyk het, het die Mt. Silinda Sendelinge die moontlikheid oorweeg om 'n skool vir blankes te Melsetter, die sentrum van die nedersetters, te stig. Intussen het ds. Strasheim en na hom eerw. le Roux egter op die toneel verskyn. Vir eerw. le Roux was daar, volgens die magistraat, toe omtrent tweehonderd kinders in die distrik vir wie hy onderwys moes gee. Met die stig-

1) Records: E.C.A.M., 128 - 133.
2) Verklaring: Mev. H.Martin. 16.2.1942. E.C.A.M.Report, 1903.

ting van die Melsetter gemeente in Oktober 1895 is reeds besluit dat die Kerkraad 'n doelmatige gebou vir kerk- en skooldoeleindes daar sou oprig, maar eerw. Le Roux moes die skoolwerk aanvanklik in 'n hut behartig totdat die gebou, waarvoor ds. Strasheim £50 saamgebring het,[1] en waarop Rhodes in 1897 al die skuld afbetaal het,[2] voltooi is.

Toe eerw. Le Roux 'n week na sy aankoms met die skool te Middel-Melsetter begin het, was daar geen boeke, leie, griffies of swartborde nie. Sy klein voorraad moes uit Umtali aangevul word. Die skool het nietemin vinnig uitgebrei; dog eerw. Le Roux het in 1901 die kerkraad verwittig dat hy nie langer in die gemeente kon aanbly as hy verder die ondorwys moes behartig nie.

Intussen het Noord- en Suid-Melsetter ook braak gelê.[4] Dit was onmoontlik om onderwysers te kry, hoewel Rhodes vir elk van drie skole die som van £150 vir drie jaar gewaarborg het. „The want of a leader and of confidence in one another, prevented the materialization of this plan."[5] In Noord-Melsetter is egter 'n skool in 1899 met 33 leerlinge begin, maar hy moes na 'n jaar weer sluit omdat die onderwyser met een van sy skool-dogters moes trou.[6]

Na byna ses maande is weer 'n onderwyser verkry dog na hy bedank het, was daar in die hele distrik geen skool vir blankes nie. Die pogings wat deur die N.G.Kerk aangewend is om plaaslike skole aan die gang te hou, het dus op 'n mislukking uitgeloop. Selfs na die eerste Ordonnansie kon geen skool begin word nie. Die pasaangestelde Inspekteur van Onderwys het in 1900 die distrik besoek om na te gaan wat die behoeftes van die distrik was. Hy het gehoop dat die ouers met die Regering sou saamwerk om skole in die distrik te onderhou, maar moes berig „that the endeavours of the Depart-

1) Notule: N.G.Kerk Melsetter, 8.6.1896.
2) Kerkbode: 12.8.1897.
3) Olivier: a.w. 146.
4) Kerkbode: 12.8.1897.
5) Records: E.C.A.M. Report, 1903.
6) Idem.

ment have so far met with little success. The result is that the children of nearly all the district are receiving no education."[1)]

iii. <u>In Charter.</u>

Die Afrikaners in dié distrik het voor die aankoms van ds. Nel al tot 'n skoolerf besluit, maar dit was eers nadat ds. Strasheim met die Administrateur gereël het, dat 'n gemeente - wat hy Umyati en nie Charter nie genoem het - gestig en 'n boukommissie aangestel kon word (November 1895). Op die eerste vergadering van ds. Strasheim in Augustus al is besluit dat 'n dorp te Short's Drift aangelê sou word; en vir die salaris van 'n onderwyser daar het die regering 'n derde beloof. Omdat die distik ook te groot gelyk het, sou die onderwyser ses maande in die noordelike en ses maande in die suidelike deel van die distrik deurbring. Eerw. J.Liebenberg wat die onderwys daar sou waarneem, is weens die Masjonaopstand te Salisbury verhinder om na die gemeente te gaan en dit was nie voor 1897 dat hy in opdrag van Rhodes tot die huidige dorpsaanleg kon besluit nie.

Met die bydraes van Rhodes, Graaf Grey, die Regering en die plaaslike boere is byna £700 ge-in, sodat Liebenberg die kerk en sy skoolgeboutjie sonder veel skuld ingewy het. In 'n tydelike skoolgebou het hy in April 1897 met 36 kinders sy skool begin, terwyl boeke en skryfbehoeftes van eerw. Groenewald van Bulawayo geleen is. Voor die einde van die jaar was daar 47 kinders en het hy om 'n assistent gevra. Dit is hom belowe "sodra vervoergeriewe sou verbeter."[2)]

Die armoede het egter ook die gemeente geteister, sodat eerw. Liebenberg se salaris nie betaal kon word nie en deur die sinodale kommissie, wat vir die versorging en bearbeiding van die geloofsgenote in Rhodesië verantwoordelik was, 'n beroep op die Kerk in die suide gedoen om die gemeente nog 'n kans te gee en by te dra vir die leraar. Die hoop dat die oorsake van die

1) Report: Inspector of Schools, 1902 - 4.
2) Notule: N.G. Kerk, Enkeldoorn, 1-4.

armoede wat van „exceptionele aard" was, sou verdwyn, is nie verwesenlik nie.

Die eerwaarde het egter saam met die gemeente teen die toestande gestry en dit was in 1900 al moontlik om met die voorsiening van die bydraes wat deur die Ordonnansie van 1899 beskikbaar gestel is, 'n assistent vir die onderwys van die kinders te kry. Toe 'n „goewernante" in 1901 die onderwys oorgeneem het, het die getalle egter reeds baie verminder. Van die 200 kinders waarvan 106 van skoolgaande ouderdom was, het net 23 in die skool wat toe as 'n „public school" bestempel is, onderrig ontvang. Teen 1902 het die getal tot 7 verminder. „Although I am convinced that financial assistance will go a long way in remedying the defective state of education I am of the opinion that the deplorable apathy of parents especially in the case of farmers of Dutch origin, will be a serious handicap to the dissemenation of education, unless compulsory education at schools is insisted upon," 1) het die Inspekteur van Skole die situasie in die distrik Enkeldoorn opgesom.

iv. In ander dele van die Land.

Toe ds. Strasheim in 1895 Fort Victoria aangedoen het, was daar 24 kinders in die diens wat hy daar gehou het, en hy het derhalwe die vrymoedigheid gehad om dr. Jameson om ondersteuning vir 'n skool en onderwyser vir daardie dorp te vra. Na die stigting van die gemeente (16 November 1895) is die gekose „Raad van Bestuur" gemagtig om 'n „school op te richten en een schoolcommissie aan te stellen." 2) Sy doel was dan ook om 'n sendeling-onderwyser, eerw. H. Hugo daar geplaas te kry. Die gemeente het egter so verswak dat eerw. Louw van die Morgenster-sending gemeen het dat dit onraadsaam sou wees om met die skool te begin. 3) Die inboorling-onluste het verder meegebring dat, aan die moderator getelegrafeer is dat skoolsake 'n onbepaalde tyd lank uitgestel moes

1) Report: Inspector of Schools, 1901.
2) Notule: N.G. Kerk Fort Victoria 2. Kerkbode: 11.7.1895.
3) Kerkbode: 17.10.1895.

word, en eerw. Louw het ds. Strasheim dieselfde meegedeel.[1] Baie boere het verder so verarm dat dié wat nie getrek het nie, gesê het dat hulle nie die geld vir die onderwyser kon waarborg nie.

Die eerste skool daar vir die kinders van die N.G.Kerk is deur eerw. A.A.Louw self tydens die Matabele-opstand in die laer te Fort-Victoria geopen. Almal in die distrik is aangesê om na die laer te vlug en eerw. Louw moes ook op wagstaan. Hy en sy gade het egter gou ontdek dat daar byna vyftig kinders van die „Hollandse" Kerk in die laer was wat van skoolgaande ouderdom was. Hy is ontslaan van militêre diensplig om vir die kinders 'n skool te begin. Mevr. Louw het hom daagliks twee uur lank in die skool gehelp. Hy het 48 name op die register gehad, dog daar was soveel siekte dat hulle nooit die volle getal bymekaar kon kry nie. 'n Bouvallige Engelse Kerkgeboutjie moes as skoollokaal diens doen. Daarheen moes al die groter seuns met gewere en bandoliers gewapen, gaan.[2]

Na drie maande is die laer opgebreek en het die „onderwysers" na Morgenster teruggegaan. Twee jaar lank daarna moes die ouers tevergeefs sukkel om 'n skool te open,[3] totdat eerw. Louw in 1898 aangebied het om die kinders op Morgenster te huisves en te onderwys. Tussen 14 en 18 het daarvan gebruik gemaak en een van die werkers in die personeel is vir die werk afgestaan, terwyl mevr. Louw huismoeder en Sondagskoolonderwyseres was. Die ouers was wel baie behoeftig maar as die geld ontbreek het, moes 'n paar eseltuie, 'n gebreide agterossambok, artappels, patats of mielies die losies en skoolgeld vervang. In 1901 was daar net 9 op skool, terwyl die inspekteur 21 gevind het wat geen onderwys ontvang nie. Hierdie amptenaar wat getref is deur die feit dat „the natives are offered greater facilities for receiving education than Europeans, that the training of

1) Notule: N.G.Kerk Fort Victoria: 17.6.1896.
2) Vgl. Louw: Dageraad in Banjailand, 110.
3) Vgl. Notule: N.G.Kerk Fort Victoria 30.1.1899.
12.3.1899.

many of them is superior to that of white children," het met die sendelinge onderhandel, om die toestand -- „the deplorable state of things" - verander te kry.[1] Daarna het die aantal skoliere weer toegeneem,[2] en die goeie werk deur die sendelinge verrig, het die agting van almal in die dorp en distrik afgedwing.

Te Salisbury het ds. Strasheim ook die owerheid gaan spreek en ag erwe vir kerk- en skooldoeleindes gekry. Daar was egter te weinig lede vir 'n gemeente, en na hy die regering geraadpleeg het is 'n plan gevorm „van een honderd plaatsen aan te bieden aan een honderd boeren. Zoodra dit plan ten uitvoer gebracht is, zal alhier ene gemeente gesticht worden."[3] Intussen het vier van die vernaamste ingesetenes die waarborg vir die onderwyser se salaris geteken. Sy ideaal van 'n „Hollandsche dorp" is egter nie verwesenlik nie.

Eerw. Liebenberg wat tydens die inboorling-onluste in 1896 in die laer daar vertoef het, het gemeen dat daar omtrent 80 lede van die N.G.Kerk was. „Ik zal vooreerst hier eene school moeten openen doch de menschen zijn zoo arm dat zij het schoolgeld niet kunnen betalen."[4] Hy het nietemin £56 vir meubels vir die skoolgebou gekollekteer en die owerheid het ingewillig om sy salaris uit die staatskas te betaal.

Na die eerwaarde na Enkeldoorn vertrek het, het die N.G.Kerk-kinders die keuse gehad om na die Rooms-Katolieke of Engelse skool te gaan, of om sonder onderwys te bly. Die „Public Undenominational School" wat in 1898 in die lewe geroep is, was dus ook vir hulle feitlik die enigste toevlugsoord aangesien die Engelse Kerkskool opgehou het om te bestaan en die kloosterskool net dogters en klein kindertjies onderrig het. Tog was daar nog tussen 20 en 30 N.G.Kinders wat geen onderwys ontvang het nie.

---

1) Report: Inspector of Schools, 1901. Kerkbode: 13.2. 1901, 9.4. 1901.
2) Kerkbode: 1901, 513.
3) Kerkbode: 29.10.1895.
4) Kerkbode: 18. 6.1896.

Elders het die Afrikaanse gemeenskap te Fort Tuli heeltemal verdwyn; en is die voorstel van ds. Strasheim om 'n skool naby Umtali te open, ook nie uitgevoer nie.

Dit was dan die toedrag van sake voordat die tweede Onderwysordonnansie in werking getree het, en die staat meer daadwerklik in die skoolwese van die land ingegryp het.

Hierdie relaas van die ontwikkeling, swakhede en gebreke van die skole wat deur die inisiatief van die N.G.Kerk in die lewe geroep is, is slegs 'n aanduiding van die „skade en skande" waardeur 'n pioniersbevolking „wys"word, asook van die opofferinge van daardie eerste sendeling-onderwysers. Hulle moes alleen en los van mekaar staan en het nie die besadigde en sametrekkende invloed van ds. Strasheim oor hulle behou nie. Hulle was sendelinge in die eerste plaas en nie opgeleide onderwysers nie, daarby was hulle jonk en onervare. Waar hulle onder moeilike omstandighede moes werk, blyk dit in elk geval dat solank hulle die onderwys behartig het, 'n duidelike pligsbesef uit hul optrede spreek. In elk van die drie dorpe het daar op onderwysgebied agteruitgang ingetree nadat die sendeling-onderwysers hulle weer op die gemeentelike bearbeiding toegelê het, terwyl hul assistente of onderwysers die skole oorgeneem het.

Die onderwys vir die Afrikaanse gemeenskap was dus feitlik 'n onbegonne taak. Die werk te Bulawayo was maar net tot die dorp beperk. Al die buitewyke het leerkragte nodig gehad. In Enkeldoorn was dit onmoontlik om van die leraar te verlang dat hy sukses in sy werk moes behaal as hy een deel van die jaar in Suid- en die ander deel weer in Noord-Enkeldoorn moes werk. In Melsetter was dit dieselfde, en in Salisbury was daar glad geen N.G.Kerkskooltjie nie.

Iedere jaar moes die sendelinge vrees vir 'n tekort op hul salarisse, en dit was seker geen aange-

name taak om te midde van so'n landswye armoede te arbei nie. Tog het dit in geen geval gegeld as 'n beweegrede vir hulle om die land te verlaat nie. Nie alleen armoede nie, maar ook 'n gedurige rondtrekkery van die lede het hul werk bemoeilik. 'n Skolier is soms net op die register, dan moes hy weer daar af. Benewens die armoede en verhuising was daar ook die onverskilligheid by baie ouers ten opsigte van hul plig en verantwoordelikheid om hul kinders op te voed. Aanduidings daarvan was die groot getal kinders wat nie in die skole was nie, en die verslae van die Inspekteur. Geen werklike „kerkskole" sou gefloreer het as die ouers nie saamgewerk het nie.

Maar al sou daar genoeg geld vir die onderwysers gewees het, al sou die trekkers op een plek bly woon het, en al sou daar voldoende belangstelling by die ouers gewees het, dan nog sou die nodige en regte manne en vroue ontbreek het om as onderwysers op te tree om toe te sien dat die beginsels van die Calvinistiese opvoeding gehandhaaf word. Hulle getalle in die kolonies in die suide was skaars en dit was weer 'n resultaat van die verknegtingsbeleid van die regering en vererger deur die oorlog. Die wat daar wel was, sou nie maklik te vinde wees vir sulke wisselvallige buiteposte in 'n ongetemde wildernis nie. En omdat die Afrikaners so versproid was oor die hele land, was juis so veel nodig om 'n sukses van die onderwys van hulle kinders te maak.

Dit was nie alleen onderwysers wat gehuiwer het om die land binne te kom nie. Na die eerste gloed van die propaganda in belang van die nuwe land 'n bietjie bedaar het, en beweer is dat „the whole of Matabeleland is a failure, not a single gold reef has as yet been discovered; Salisbury is quite forsaken," [1] het minder Afrikaners wat leiding in die administrasie van die land kon geneem het, uit hul ou tuistes vertrek. Die Jameson-inval het die imperiale planne van Rhodes en sy

1) Vgl. Du Toit; Rhodesia, 162.

trawante aan die lig laat kom en daarmee het die wantroue van die Afrikaanse leiers teenoor die Engelse toegeneem en het ander wat van die vurigste ondersteuners van die B.S.A.Co. was, tot ontnugtering gekom en hulle steun aan die maatskappy onttrek.[1] Die afkoeling van die Afrikaners teenoor die Engelsman is egter ver oortref deur die antipatie wat by laasgenoemde teenoor die "Dutch" ontwikkel het. Dit, asook die rapporte van armoede, runderpes, opstande en ooskuskoors het die aspirant-trekkers afgeskrik.

Die finale breuk tussen die twee seksies, wat met die Engelse Oorlog bereik is, sou alleen die meer lojale of die totaal mismoedige na Rhodesië gedryf het. Daar was dus genoeg redes waarom invloedryke Afrikaners hul nie daadwerklik met Rhodesiese aangeleenthede bemoei of die land ingetrek het nie.

Maar benewens hierdie "buitelandse" moeilikhede wat die stryd van die opleiding en opvoeding van die Afrikaanse kind in die vreemde vertraag het, was daar ook van owerheidsweë in die land dikwels 'n gebrekkige begrip van die besondere behoeftes van ander dele van die land wat nie Salisbury en Bulawayo ingesluit het nie. Die onmag van die regering om in belang van die boer op te tree, was opvallend, en die boere was meestal die Afrikaners. Tal van hulle het weens die onvoorsiene siektes onder die vee, die opstande en die feit dat hulle hul plase ongeokkupeerd moes laat terwyl hulle elders 'n heenkome gaan soek het, uit hul grond geraak.

'n Ander swakheid was dat Enkeldoorn byvoorbeeld nie voor 1897 tot dorp geproklameer is nie, terwyl dit tog al in 1890-1891 duidelik behoort te gewees het, dat die boere hulle in toenemende getalle daar gevestig en in 1893 al oor die wenslikheid van 'n sentrum besluit het. Dit het die mense onnodig lank van administratiewe geriewe beroof en die distrik se eenheid gladnie bevorder nie.

---

1) Vgl. J.Hofmeyr: a.w. 547 e.v.

Ook die Onderwysdepartement behoort voor 1899 te geweet het dat die 25 leerlinge wat nodig was, voordat 'n kerk op die pond-vir-pond bydrae kon aanspraak maak, onmoontlik op die platteland bymekaar gekry kon word. Die vervoer was baie min en sou met die veesiektes uitgeskakel gewees het, terwyl daar tog geen sentrale koshuis was om hulle te huisves nie. Weer het dit die Afrikaanse boere die swaarste getref. Daarom ook is die meeste skole wat steun van die regering gekry het, in die dorpe of „stede" opgerig.

Dit was egter nie net die N.G.Kerkskole wat rede tot ontevredenheid by die Departement van Onderwys verskaf het nie. Beide die twee „Public Undenominational Schools " wat in Salisbury en Plumtree ontstaan het, moes weens „dooiepunte" op die bestuur deur die regering oorgeneem word.

Dit het in ieder geval duidelik geword dat Rhodesië die einde van die tweede stadium bereik het, waardeur die organisasie van formele onderwys in alle Wes-Europese lande gegaan het, naamlik die gesistematiseerde voorsiening van staatsondersteuning aan sulke liggame (meestal kerke) wat hul in staat sou stel om die onderwysbedrywighede uit te brei. Die sukses van sulke ondernemings wat meestal afgehang het van die bydraes of middele van ryk ekonomiese groepe, wat nie noodwendig aan die basiese demokratiese beginsels geglo het nie,[1] was in die geval van so 'n pioniersland nie altyd gewaarborg nie. En die oorname van genoemde twee publieke skole deur die regering[2] het dan ook die derde fase in die ontwikkeling van die onderwys ingelei, wanneer die staat volle en finale verantwoordelikheid vir die opvoeding van die kind - die toekomstige burger-op hom geneem het. Dit was net 'n kwessie van tyd voordat die beheer van die staat ook oor die ander skole 'n voldonge feit sou word.

---

1) Hearnshaw: Educational Advancement Abroad, 23.
2) Vgl. Blackwell: Brief History of European Education in Rhodesia, 3.

Die tweede Onderwysordonnansie (1903) was die eerste stap in dié rigting en sou ook die N.G.Kerk en sy skole tref.

b. Die Tweede Onderwysordonnansie en die begin van die "Einde van die Kerkskole."

Nadat die beginsel van staatsbeheer oor die onderwys wel aangeneem was, en omdat die Departement bewus geword het van die feit dat die bestaande skole in die land net in die dorpe gesentraliseerd was en sonder enige losiesgeriewe was, is nuwe wetgewing ingedien waardeur 'n nuwe Ordonnansie die een van 1899 vervang het, om ook voorsiening te maak vir die plattelandse kind. Die Administrateur of Departement kon self of in samewerking met die betrokke beheerrade (Boards of Management) 'n skool met minder as 25 leerlinge op enige plek open waar dit 'n noodsaaklikheid geblyk het, en wat nie sonder die inisiatief van die regering sou kon bestaan het nie.[1] 'n Koshuistoelae van £20 per kind sou gemaak word, en behoeftige kinders sou ondersteuning ontvang.

Dit het egter nog geen bepaling vervat wat die N.G.Kerk sou verhinder om skole op te rig[2] of om as 'n sodanige Beheerraad op te tree of vir so'n Raad verantwoordelik te wees nie. Verder sou die N.G.Kerk se leraars die eerste half-uur elke oggend wat aan godsdiensonderwys gewy moes word in skole wat deur bemiddeling van die N.G.Kerk ontstaan het, kon waarneem. Die grootste grief was dat die enigste medium vir die skoolvakke Engels was.[3]

Die N.G.Kerk het na die uitvaardiging van die Ordonnansie die beskerming van die Ring van Hoopstad en kort daarna van Du Toitspan geniet, sodat daar altans 'n liggaam was wat in 'n raadgewende hoedanigheid vir die Afrikaanse bevolking van die hele land kon optree. Kort daarna het dan ook die eerste vaste leraar, ds. Geldenhuys, as predikant van Bulawayo en as konsulent van al die gemeentes in Rhodesië verskyn.

1) Schedule to Education Ordinance, 1903; Order E. Hoofstuk 11.
2) Idem: Order A.
3) Idem.

Ds. Geldenhuys het onmiddellik die probleem van die opvoeding van die Afrikaanse kind - wat hy as een van die belangrikste take van die Kerk beskou het - aangepak. Hy het eers 'n deurtastende ondersoek na die omvang van die vraagstuk dwarsdeur die land ingestel en daarna met praktiese oplossings voor die dag probeer kom. Hy het bevind dat daar van die byna 500 kinders in die Bulawayose distrik net omtrent 90 gereeld onderwys ontvang het, dat te Gwelo daar 90, te Figtree 47, te Mangwe 60, te Zambesi 40 kinders sonder onderwysers was, en dat dit die toestand in die res van die land weerspieël het.[1] (Die Ring het aan hom die reg gegee om in verband met die onderwys na goeddunke te handel.[2])

Te Bulawayo het hy bevind dat daar geen Hollands in die kerkskool onderwys kon word nie, weens die staatshulp, en hy was bevrees dat die Engelse assistente wat aangestel moes word, eerlang die kinders ook in daardie skool van hul eie kerk sou vervreem. In 1905 het hy na die Kaap en ander Kolonies vertrek om die behoeftes van die kerk en skool aan die publiek voor te lê en om te kollekteer,[3] en hy was gelukkig genoeg om 'n paar onderwyseresse te oorreed om na Rhodesië te kom. Een, juf. S.Hodgskin, het hy na Mangwe, omtrent 60 myl van Bulawayo af, gestuur, waar sy 'n skooltjie met 17 kinders begin het. Die geboutjie was maar erg primitief en in die reëntye kon sy dit nie van haar loseerplek af bereik nie. Dan moes sy haarself in 'n hoek van die skool wat tot slaap-en eetkamer en kombuis moes dien, loseer. Die ouers moes die kos voorsien wat dikwels net uit groenmielies vir middagete en pap vir aandete bestaan het.

Juffrou A.Boonzaaier is na Gwelo waar op die plaas Wildebeesfontein die Ebenhaëzer-kerkskool, met 21 en soms 30 kinders in die behoeftes van daardie distrik kon voorsien.[4] Nog 'n skooltjie is te Lobenvale

1) Kerkbode: 1904, 369.
2) Notule: Ring van Hoopstad, 1905.
3) Kerkbode: 12.1.1905.
4) Verslag: Staat van Onderwys, Bulawayo, 1906, 1907.

geopen, 'n ander verder Noord, die Zambesie-kerkskool, en een te Welkomshoek.[1)]

In die meeste van hierdie skole was minder as 25 leerlinge maar daar was natuurlik die ondersteuning van die staat op die pond-vir-pond basis. Dog dit was slegs die hulp uit die „Suide" wat die N.G.Kerk in staat gestel het om met die skole 'n begin te maak.

Te Melsetter, so het die lede van die Mt. Silinda-Sending gevoel, was daar 'n dringende behoefte aan 'n skool en dié kon alleen deur hulle toedoen tot stand kom, aangesien geen voorsiening van elders gemaak kon word nie. Dit was vir die Departement 'n groot verligting toe hulle tot hierdie stap oorgegaan het (1903), en milde steun is hulle van staatsweë beloof, om maar net tot 'n oplossing te geraak vir die „immediate and pressing needs in teaching children whose knowledge of the world is so limited and for whom not much can be accomplished until some higher ideals are created."[2)] Die boere self het wel beter tye beleef aangesien die kuddes weer opgebou is, meer grond bewerk en die transportry kontant opgelewer het, dog die inisiatief het ontbreek. Toe die skool net met 4 kosgangers en sewe dagskoliere geopen het, het sommige gewag om te kyk wat die skool nou eintlik wou hê of gaan uitrig, ander weer dat die buurman eers sy kind moes stuur, terwyl by sommige vrees vir 'n inrigting van 'n vreemde „genootskap" nog geheers het, en nog ander verlang het dat die regering al die losies sou betaal waar meer as een kind uit 'n huis op kosskool was.[3)]

Die voornoemde mej. Gilson het die werk op haar geneem terwyl eerw. P.Le Roux en sy eggenote aanvanklik onderwys in Hollands aan die skool waargeneem het. Omdat daar geen skool in Noord-Melsetter te Johannesrust was nie, en ook geen skool in Suid-Melsetter nie,

1) Verslag: Staat van Godsdiens en Onderwys, Bulawayo, 1906.
2) Report: E.C.A.M. 1903.
3) Notule: N.G.Kerk Melsetter, Sept. 1903.

het die losieshuis amper te klein geword toe die getalle tot 34 in 1903 vermeerder het. Hierdie Chimanimaniskool het die enigste in die distrik gebly, maar dit het al spoedig geblyk dat die boere wat wel met lof van die „getrouwe belangelooze diensten" van die onderwyseres gepraat het, nie met die tipe en gehalte van die onderwys tevrede was nie. In 1904 het die getal weer tot 24 verminder........„rather surprising considering the very easy terms on which pupils are admitted to the boarding school there,"[1] het die inspekteur gemeld. Ook ds. J. du Plessis wat in 1905 die gemeente besoek het, was verbaas oor die „eienaardige" opvoeding van die Boerekinders deur twee Amerikaanse onderwyseresse wat geen woord Hollands geken het nie. Hy het 'n beroep gedoen op die leerkragte in die suide om 'n „toegewyde vrou van Afrikaanse bloede" daarheen te probeer stuur teen 'n salaris van £90![2] Toe mej. Gilson kort daarna vertrek en die regering die skool oorgeneem het, was daar nog net 18 kinders uit die 88 op skool en teen 1908 net 10, terwyl die skool al meer in onguns geraak het omdat daar geen Hollands gedoseer is nie. Om die leemte aan te vul en ook omdat die ouers nie by magte was om vir die onderwys te sorg nie, het die kerkraad „Hollandse" skoolboekies aan elke huisgesin verskaf.[3]

Die distrik was egter ook gelukkig om na eerw. Le Roux so vertrek 'n eie leraar in 1906 te kry, naamlik ds. J.J.Wessels. In hierdie skool waar, syns insiens, die onderwys „niet in de geest, nog voor die behoefte van onze menschen ingericht is"[4] het daar by sy aankoms 18 uit die 20 leerlinge tot die N.G.Kerk behoort, maar omdat geeneen van die onderwyseresse „Hollands" geken het nie, was daar vir hulle in dié vak geen onderrig nie. Hy het dadelik met die Mt. Silinda-beheerraad in verbinding getree nadat die ouers hom gevra het of hy nie

1) Report: Inspector of Schools, 1904.
2) Kerkbode: 8.6.1905.
3) Notule N.G.Kerk Melsetter, Maart 1908.
4) Vgl. Verslag: Staat van Onderwys, N.G.Kerk Melsetter 1908.

iets kon doen om die kinders ook daardie taal te laat leer nie. Die kommissie het egter nie die nodigheid daarvan ingesien dat 'n onderwyser spesiaal daarvoor aangestel moes word nie, en van Januarie 1907 het die dominee self die onderwys van Hollands aan die kinders waargeneem - maar buite skoolure om en met die toestemming van die prinsipaal.[1] Sy gemeentewerk het hom egter nie toegelaat om 'n onbepaalde tyd lank met die werk aan te hou nie. Die houding van die hoof van die Onderwysdepartement was dat geen onderwys in Hollands in die skoolure kon toegelaat word nie, en selfs al sou hul daarvoor reëlings kon tref, sou hy nog eers moes kyk of dit nie beter was vir die kinders om slegs Engels te leer nie. Van buiteskole wou hy nie hoor nie.[2]

Toe in daardie jaar (1907) die gemeentes 'n kerklike konferensie te Bulawayo belê en die drie predikante van die land - (Salisbury het die dienste van ds. D.du P. Steyn gekry) 'n Opvoedingskommissie vir Rhodesië uitgemaak het, wat ook 'n Opvoedingsfonds in die lewe geroep het, het ds. Wessels ten einde die houding van die Inspekteur die hoof te bied, besluit om „buiteskole" sonder sy ondersteuning te stig, en die drie lede van die kommissie het as afgevaardigdes die Administrateur daarvan in kennis gestel, nadat hul poging om „het goed recht van Hollands te bepleiten" tevergeefs was. Ds. Wessels het etlike maande in die suide gaan kollekteer en toe hy terugkom, moes hy verneem dat aan sy versoek om Hollands binne skool-ure te gee, toestemming verleen is, en dat buiteskole met staatsondersteuning, ook nog gestig mag word. In Noord-Melsetter is dan ook in 1908 die skool onder toesig van die N.G.Kerk met 22 leerlinge geopen, en „na lang schrÿven en redeneren" ook een in Suid-Melsetter in Augustus 1909.[3] Die dominee het die meeste van die bouwerk eiehandig

1) Notule N.G.Kerk Melsetter, 12.1.1907. Ook Verslag: Staat van Onderwys, Melsetter, 1907.
2) Notule: N.G.Kerk Melsetter. 6.7.1907; 1.2.1908, 18.7.1908, 19.9.1908.
3) Kotze: Rhodesië: Een Pijnbank voor onze Taal, 14.

verrig en hy en mevr. Wessels het aanvanklik self die onderwys waargeneem, totdat mnr. P.Cilliers in 1910 aangestel is - teen 'n salaris waarmee hulle nie juis vet sou word nie."1)

<u>Op Enkeldoorn</u> het die getalle in die plaaslike skool in 1902 tot 7 verminder omdat die ouers geen huisvesting vir hul kinders kon kry nie en daar baie transportryers in die distrik tot dusver was. 2) Aangesien beloftes ter ondersteuning van 'n koshuis deur die Ordonnansie van 1903 beloof is, het ds. Geldenhuys aanbeveel dat die skool 'n koshuis moes kry om die leerlinge te huisves. Dit is nie gedoen nie en in 1905 het die skool heeltemal van die toneel verdwyn 3) om weer in 1906 as 'n kosskool met 27 leerlinge te begin. 4) Eerw. Liebenberg kon geen „Godvresende onderwyser" bekom nie en hy moes self maar weer skoolhou. Die N.G.Kerk het ook daarin geslaag om in 1907 een buiteskool in die distrik onder toesig van die Kerk te stig. Meer intrekkers het gekom - onder andere ook die Van der Westhuizen-trek uit Oudtshoorn in 1907 - en hulle was nie tevrede dat die kinders geen onderwys ontvang nie. Vanaf 1906 het die departement 5 staatskole in die distrik geopen. Nogtans het die private skole tot 4 vermeerder in 1912 en tot 26 in 1914, (terwyl die staatskole toe 9 getel het).

<u>In die ander dele</u> van die land was daar ook die leiding van die Kerk op onderwysgebied merkbaar. Toe ds. Geldenhuys Salisbury besoek het, het hy daar geen „Hollandse" skool aangetref nie, en die nuwe leraar ds. Steyn, kon ook niemand vind om so'n skootjie te begin nie. Hy het egter die behoefte van geskikte onderwys vir die toekomstige lidmaat van die N.G.Kerk voor die aandag van die owerhede gebring, en gepleit om 'n sentrale kosskool waarheen die kinders wat die ouers uit sy gemeente weens afwesigheid van 'n eie skool na die Kaapkolonie gestuur het of wat na die Roomse inrigtinge

1) Kerkbode: 21.7.1910.
2) Report: Inspector of Schools, 1902.
3) Report: Director of Education, 1906.
4) Verslag: Staat van Onderwys, N.G.Kerk Enkeldoorn, 1907.

gegaan het, opgeneem kon word.[1] Ds. Steyn kon in die omstandighede geen opposisie-kerkskool begin nie, en die kinders moes gebruik maak van die 14 bestaande skole. Van hulle het die leraar berig: "In de Onderwys Regulasies van Rhodesia komt het woord "Hollandsch" niet een maal voor, veel minder word er een woord in de Hollandsche taal of van Hollandsch onderwezen."[2]

Net op een plekkie in die gemeente, Inyanga, omtrent 150 myl van Salisbury af, is 'n kerkskooltjie in 1905 begin. Die salaris van die onderwyser is deur 'n boer in die distrik, mnr. J.Bekker, betaal.[3]

In Fort Victoria-distrik het die skool, wat deur die sendelinge op Morgenster begin is, die enigste sentrum vir die onderwys van die Afrikaanse kind tot 1904 gebly. In daardie jaar het ds. Geldenhuys die distrik besoek en die "gemeente" weer bymekaar gekry. Hy het sy broer, mnr. Ben Geldenhuys, na die distrik gestuur en die V.S.B. het 'n werkster vir die kinders in daardie gemeente afgesonder. Die twee het in 1905 die "Spes Bona"-skool met 14 kinders geopen op 'n plaas deur die kerk aangekoop.[4] Die regering het natuurlik ook die skool ondersteun.

In Noord-Rhodesië het die Afrikanerelement ook aangegroei en toe ds. Geldenhuys Barotseland in 1907 besoek het, het hy bevind dat die toestand van die mense allertreurigs was. Waar hy die meeste bymekaar aangetref het, naamlik te Kalomo, het hy aanbevoel dat 'n skooltjie gestig word en hy het self die nodige reëlings in dié verband getref, maar kon geen onderwyser vir die 44 kinders vind nie. Eindelik het 'n pionier van Bulawayo, mnr. J.F.M.Oosthuysen, met mej. H.Theron as onderwyseres en mej. J.Cronje as huismoeder 'n skooltjie te Luska geopen, (1909) - "een monument van de belangstelling der voortrekkers in de opvoeding hunner kinderen."[5]

1) Kerkbode: 18.8.1907. (Vgl. Kerkbode: 18.8.1907.
2) Verslag: Staat van Onderwys N.G.Kerk Salisbury, 1907,
3) Idem. 4) Notule: N.G.Kerk Bulawayo 1905.
5) Malan: Naar Congoland, 31.

Die N.G.Kerk het hom dus beywer om vir so vèr dit moontlik was, volle gebruik te maak van die 1903 -Ordonnansie om skole met minder as 25 leerlinge op die mees strategiese punte te stig, en om met staatshulp die kinders bymekaar te trek. „The Dutch Reformed Church have shown a praiseworthy endeavour to reach the children in the outlying districts," het die Direkteur van Onderwys rapporteer.[1)]

Aan ywer en bereidwilligheid om self te help, het dit by die leraars dus nie ontbreek nie, maar hul kon ook nie altyd die onderwysers vind waarmee hul ideale ten opsigte van die staatsondersteunde kerkskole verwesenlik kon word nie. Die leerkragte wat wel deur die leraars verkry is, het in daardie eerste dekade van die huidige eeu die kind van die platteland van algehele analfabetisme gered. In baie gevalle was daar geen geboue beskikbaar nie en moes hulle self die bouwerk onderneem. Mej. Hodgskin moes te Mangwe self die meeste van haar „tafels" en banke aanmekaar spyker. Mej. Boonzaaier het nog geen dak gevind op die geboutjie te Welkomshoek toe sy daar begin het nie. Ook geen skryfbehoeftes en geen banke nie. Die troos van ds. J.du Plessis aan haar by daardie geleentheid: „Vergeet het geen achter is, en strekt uit naar hetgeen voor is," was dikwels die enigste inspirasie van al daardie stoutmoedige pioniers.

Die skole so deur die kerklike leiers „in die geloof" begin, het die Afrikaner nie alleen van verwaarlosing gered nie, maar was ook 'n protes teen die proses van volks - en kerkvervreemding. In die verslae het daar 'n nuwe woord al meer verskyn, naamlik die woord „Hollandsch" of „Dutch." Die woord het aangedui wat daar besig was om in die kerklike en volkslewe te ontwikkel, nl. 'n nasionale bewussyn waarvan die kerk die simbool en die draer sou word. Maar net soos dié taal in die kolonies „onderdruk" is, net so het die owerheid ook in Rhodesië „Hollands" as 'n gevaar beskou wat uit die skool ge-

1) Report: Director of Education, 1906.

weer moes word. En aangesien die N.G.Kerk daardie gevaar juis in hul skole toegelaat en by die Regering aangedring het dat dit ook in ander skole onderrig sou word, daarom moes die N.G.Kerk beveg en uit die onderwysaangeleenthede gehou word.

Dit was die toedrag van sake toe die regering waarin die koloniste 'n meerderheid in die Wetgewende Raad gehad het, 'n kommissie in 1908 benoem het wat verslag sou lewer en aanbevelings sou doen ten opsigte van die onderwys in die land.

4. DIE VERVAL VAN DIE KERKSKOLE.

Nadat die skenking van die heer Beit die Departement baie meer uitbreidingskanse gebied het, en meer mag gegee het, het die swakhede van die plaaslike besture in vergelyking baie skerp opgeval. Dit was maar te waar dat ook wat die N.G.Kerk betref, die Beheerrade nie die bestaande skole in 'n gesonde finansiële toestand kon hou nie, en dat in die rondtrekkende gemeenskap min persone hulself verantwoordelik vir die bou en onderhouding van 'n skool wou hou. Die aantyging dat daar in sommige plekke nie "prominent local men of the necessary standing to act as managers" (Hoofstuk 11) gevind kon word nie, dui ongetwyfeld ook op die Afrikaanse gemeenskap wat in baie opsigte veragterd en verarmd geraak het. Die algemene ontevredenheid met die ongekoördineerde stelsel van private, kerk - en staatskole, en veral die mag aan die kerkskole toegeken, het dan ook gelei tot die aanstelling van die genoemde kommissie in 1908.

Die kommissie het in hul aanbevelings die belange van die Afrikaanse gemeenskap nie juis op die hart gedra nie. Dit blyk uit hul voorstel dat alle hulp aan die kerkskole onttrek moes word, dat die staat alle verantwoordelikheid vir die laer onderwys moes neem, en dat Engels die enigste onderwysmedium sou bly.[1)] Daarteen het die predikante van die N.G.Kerk beswaar gemaak nog voor die rapport aan die Wetgewende Raad voorgelê is.

1) Report of the Education Commission, 1908, 5.

„Hulle het daarop aangedring dat dit vir die Hollandssprekende kinders tot nadeel sal strek indien hulle hul onderwys deur middel van 'n vreemde taal moes ontvang." „Teenoor hierdie verklaring het ons die getuienis van 'n onderwyser(es), wat elf jaar lank ondervinding in 'n Hollandssprekende distrik opgedoen het en ons meegedeel het dat Hollandse kinders gewoonlik in staat is om binne vyf of ses weke genoegsame Engels te verstaan,"[1] het die rapport die getuienisse in die verband opgesom. (Vertaling). Die pleidooie van die leraars is verwerp, en die besluit dat Engels die enigste medium van onderwys sou bly, het 'n owerheidsanker in die opvoedingstelsel van Rhodesië geword. Toe in die jare daarna om 'n verandering of om 'n toegewing ten gunste van Hollands en later Afrikaans gevra is, is hierdie bepaling wat toe deur die Wet vasgelê is, en op die onwetenskaplike getuienis van 'n persoon wat beter behoort te geweet het, gegrond was, gedurig voorgehou as 'n bepaling wat net weer deur wetgewing, deur die parlement goedgekeur, verander kon word. Dit het inmiddels 'n skuifmeel vir die Departement aangebied. Die kommissie het egter voorgestel dat „Hollands" as vak vir een uur per dag in Hollandssprekende distrikte ingevoer mag word, mits die Adviserende Rade dit voorgestel of by die Direkteur van Onderwys aanbeveel het.[2]

'n Ander voorstel wat baie nadelig op die Afrikaanse kind sou ingewerk het, was dat 'n paralelle sisteem van laeronderwys soos in Duitsland, Frankryk of Engeland in swang was, in Rhodesië ingevoer kon word.[3] Een sisteem sou net geskik wees vir die „upper social classes" en daarvoor sou skoolgeld ensovoorts betaal word, terwyl die ander sisteem vir die laer sosiale klasse sou wees, en heeltemal gratis was. Vir middelbare onderwys sou die leerlinge uit die eerste tipe skool getrek word. As die voorstel sou deurgegaan het, sou daar

1) Report of the Education Commission, 1908, 6.
2) Idem 14.
3) Idem 8.

seker nie baie Afrikaanse kinders middelbare onderwys geniet het nie, want hulle was juis die armes wat nie altyd in die „fee-paying" kategorie sou geval het nie. Die voorstel is nie aangeneem nie, maar wel is besluit dat die leerstelsel in die opvoeding gehandhaaf word en dat sentrale sekundêre skole vir alle leerlinge oop sou wees.

'n Landswye optrede van die Departement om nou beheer oor die laerskole te kry, het meegebring dat baie meer plaasskole opgerig is en ander gesluit of deur die regering oorgeneem of saamgesmelt is.[1] Hierdie publieke skole het die staatskole tot 93 laat styg en sou ook byna al die skole waaroor die N.G.Kerk 'n seggenskap gehad het, insluit.

<u>In Bulawayo-gemeente</u> is in 1907 die Sambesieskool gesluit omdat die meeste van die ouers vertrek het en dié wat oorgebly het, nie die salaris van die onderwyser kon betaal nie.[2] In die ander vyf Kerkskole waar wel „Hollands" gedoseer is, was daar net omtrent 100 N.G.kinders - een-derde van dié wat skoolgaande ouderdom bereik het. Die kerkraad wat hard geprobeer het om almal binne bereik van 'n skool te bring, moes keer op keer rapporteer dat hulle dit nie kon doen nie weens gebrek aan fondse en die traagheid van sommige ouers om hulle van die bestaande voorregte te bedien.[3] Aan die einde van 1908 moes Driehoekskool sluit en Ebenhaezer het 'n dagskool geword met baie minder kinders. Mangwe, en ook die ander skooltjies in die distrik moes in 1909 of verdwyn of oorgaan in staatshande. Die laaste vesting van die kerkskole in die gemeente, die Bulawayo-kerkskool, het ook in 1910 gesluit,[4] en behalwe 'n poging van die N.G.Kerk om deur middel van die Weeshuis wat kort daarna opgerig is, die Afrikaanse kind te bereik, het die staat alle beheer oor die onderwys van die Afrikaanse kinders oorgeneem.

1) Report: Director of Education, 1909, 1910.
2) Kerkbode: 1907, 108.
3) Verslag: Staat van Godsdiens: N.G.Kerk Bulawayo, 1908.
4) Report: Director of Education, 1910.

Teen 1912 het die regering 13 skole in die distrik gehad en daarin was 276 N.G.kinders. In die buiteskole is tog twee uur Hollands per week toegelaat omdat daar ook wel onderwysers was wat tot die N.G.Kerk behoort het. Die kinders kon gratis onderwys en selfs ondersteuning vir losies ontvang. Skole met minder as 10 leerlinge is ook geopen maar ouers moes meestal self die skoolgebou en meubels verskaf.[1] Dog dit was duidelik dat die departement 'n eerlike poging aangewend het om al die kinders te bereik en om die kerk en die ouers te onthef van die geldelike las wat hulle deur die kerkskole opgelê was.

In die Melsetter-distrik het die regering al die skole oorgeneem, behalwe die skool in Suid-Melsetter waar die ouers onverbiddelik om 'n eie skool geagiteer het – 'n voorbeeld wat teen 1913 ook deur Middel-Melsetter nagevolg is.

Ook te Enkeldoorn het die Departement ingegryp en in Oktober 1908 is die kerkskool tot 'n staatskool omgeskep. „Die leeu het gebrul en Hollands moes uit die skool wyk."[2] Volgens die leraar het dit daarna „opperbest" in die skool gegaan, veral omdat daar twee gesertifiseerde onderwysers vir die skool verkry kon word. Daar was egter nog byna net soveel kinders buite as binne die skool, omdat losies so beperk was. Ten einde 'n losiesinrigting[3] aan die skool verbonde te kry, het eerw. Liebenberg weer 'n beroep op fondse gedoen, maar hy was tog verplig om eindelik ook die regering te nader.[4]

In die buitewyke was daar nog een kerkskool, maar nadat eerw. Liebenberg die gang van sake in Enkeldoorn-dorp aanskou het, het hy gemeen dat daardie skool ook gesluit moes word sodat die kinders na die dorpskoshuis kon kom. Dit het egter nie gebeur nie, en nieteenstaande die feit dat die regering 5 ander skole

1) Verslag: Staat van Onderwys, Bulawayo, 1912.
2) Verslag: Staat van Onderwys, Enkeldoorn, 1908.
3) Vgl. Kerkbode: 20.2.1908.
4) Education Commission: 1908.

in die distrik begin het, het die korkskool bly bestaan en tot 'n private skool uitgebrei. In 1914 was daar, soos reeds gemeld, 6 van die private skole teenoor die 9 staatskole. Op daardie stadium het die distrik vir sy bevolking seker die meeste skole in die land gehad.

Twee van die private skole moes dieselfde jaar nog sluit, maar die behoefte om op twee ander plekke skole te begin, het voortbestaan. Weens gebrek aan fondse kon niks egter daaraan gedoen word nie.

In die meeste staatskole kon nou ook Hollands onderrig word, hoewel die onsimpatieke houding van die Departement voortgeduur het.[1]

Teen 1916 was al die onderwysers in die gemeente, behalwe twee aan die publieke skole, Afrikaanssprekend, wat ook die Hollandse taal kon onderwys. Dit het meegebring dat die ouers meer vertroue in die staatskole gekry het. Die private skole teen daardie tyd kon nie die opdraande stryd volhou nie, en het almal verdwyn. „De staat toch is in de eerste plaats verantwoordelijk voor de opvoeding der kinderen, en een beslist front zal ook in dezen zijn invloed doet gelden" was die leraar se mening.[2]

Ook die „Kerkskole" of privaatskole in Inyanga, Fort Victoria, Gwelo is deur die regering oorgeneem.

Toe daar in 1916 'n nuwe kommissie benoem is om ondersoek in te stel in die skoolwese van die land en daar op gratis en verpligte onderwys deur baie inwoners van die land aangedring is, was daar dus behalwe die skole in Melsetter geen N.G.Kerkskole of private skole wat deur die N.G.Kerk ondersteun is nie.

Dit het immers al lank voor daardie tyd duidelik geword dat die N.G.Kerk nie by magte was om die private of kerkskole behoorlik te behartig nie. Soos in ander dele van die wêreld is in Rhodesië die onvermoë van plaaslike liggame om die onderwys te behartig die

1) Verslag: Staat van Godsdiens, N.G. Kerk Enkeldoorn 1914
2) Verslag: Staat van Godsdiens, N.G.Kerk Enkeldoorn, 1917

eerste stap in die rigting van 'n moderne staatsonderwys-stelsel gewees. Die eerste rede was natuurlik die gebrek aan fondse om die skole wat op inisiatief van die kerk opgerig is, in stand te hou. Die N.G.Kerk het oor geen wêreldlike middele soos die Rooms-Katolieke Kerk beskik nie, en kon dan ook nie met daardie kerk meeding nie, Selfs die Engelse Kerk het al sy private ondernemings tydelik gestaak. Oor die oorsake van die armoede by die lede van die N.G.Kerk is genoeg gesê om aan te toon dat dit nie aan die hardwerkenheid by die plattelandse bevolking geskeel het nie. Rhodesië in sy geheel het nie die rooskleurige verwagtinge wat van hom gekoester is, verwesenlik nie.[1] Van die oorspronklike pioniers wat byna 500 getel het, het net omtrent 40 in die land agtergebly, sommige omdat hulle nie die middele gehad het om weg te kom nie. Dit was tog nie te veel gevra om dié manne as die leidende figure in die land gevestig te sien, of minstens in gerieflike huise waar hulle en hul families 'n onbekommerde bestaan kon voer nie. Maar die paar wat werklik gefloreer het, was feitlik sonder uitsondering verbonde aan die goud-maatskappy, en hulle was seker nie Boere nie. Volgens A.Colguhoun, die eerste Administrateur wat die land weer in 1905 besoek het, was daar net een voorspoedige boer.[2] Die verarmingsproses onder die boeregemeenskap - wat immers 'n verskynsel is wat hom in gevestigde lande ook voordoen, was daarvoor verantwoordelik dat die ouers nie die skole kon ondersteun soos hulle graag wou nie, dat weens gebrek aan behoorlike kleding baie kinders tog in ieder geval uit skaamte en minderwaardigheid nie skool-toe kon kom nie, en ander moes wegbly omdat hulle nie die losies kon betaal nie, en die skool wat van elke pennie afhanklik was, kon dus nie bly bestaan nie. Dit het verder beteken dat die Kerk of die beherende liggaam te arm was om voldoende salarisse aan gesertifiseerde onderwysers te betaal - veral diegene op

1) Colguhoun: Africanderland, 292.
2) Colguhoun: Africanderland, 293.

buiteskole.[1)]

Die staat wat in ieder geval aanlokliker salarisse betaal het, het die onderwysers getrek en daar was by hulle geen groot droefheid toe die staat die skol oorgeneem het nie. Die Departement was ook meer bevoeg om onderwysers te kry as die Kerk, en daarom was daar nie so'n groot moeilikheid om meer en meer plaaskole te open nie.

Maar vir doeltreffende beheer was nie alleen fondse en onderwysers nodig nie, maar ook die organiserende liggaam op wie per slot van sake die verantwoordelikheid van die hele inrigting rus. Die ouers kon dit eenvoudig nie doen nie. „Mijns inziens licht de moeijlijkheid niet by't Departement maar wel by de ouders......Het is onmogelijk de vyand met gebrokem wapenen te bevechten, en ons strydende gelederen vormen niet een soliede geheel,"[2)] het die verslag van die Enkeldoornse kerkraad die oorsake van die haglike toestand geskets. Vir baie ouers was dit om't ewe na watter skool hul kinders gegaan het, juis omdat hul ook al begin moeg word het vir die aanhoudende stryd. Ander weer het geweier om opofferinge te doen in die vorm van salarisse en meubels omdat hul kinders sonder moeite na die eentalige staatskole kon gaan. Sommige ouers het eerlik getwyfel aan die skole en ook aan die vakke wat onderrig is. Indien die Geskiedenis nie kritiek uitgelok het nie, dan het die Natuurkennis en Aardrykskunde dit wel by die ou patriarge gedoen. Sommige het ook baie skepties bly staan teenoor die „Hollands" wat in die skole gegee is. Baie wou daarvan nie gebruik maak nie omdat hulle die toegewing net as 'n guns beskou het, wat tog geen waarde gehad het nie, aangesien net Engels en Frans vir diegene wat vir die Beit-beurse eksamen wou doen, toegelaat is.

Baie ouers het ook so rondgetrek dat daar

1) Vgl. Verslag Staat van Onderwys, N.G.Kerk Enkeldoorn, 1907.
2) Idem.

nie by hulle die verantwoordelikheid of gewilligheid was om skole te open nie. Dit was egter nie 'n algemene verskynsel by die plattelandse boerebevolking nie.

Maar daar kon ook nie verlang word dat die klein dorpies en gemeenskap 'n „hoë" persentasie manne en vroue in daardie pionierstadium moes oplewer wat met nuwe ideale na vore sou kom, of wat die persoonlikheid sou besit om die ideale te verwesenlik nie. Dit was in ieder geval ekonomies verkeerd van die staat en die Kerk om te verlang dat die dorpies hulle van diensto moes voorsien wat bokant hul vermoë - finansieël en andersinds - was; en takties was dit onwenslik om op die beginsel van onafhanklike of selfstandige optrede aan te dring voordat daar 'n sterk sentrale organisasie was wat dit kon onderskraag.

Waar die ouers wel gevind kon word om saam te staan, moes die owerheid aan hul versoeke voldoen. Dit het wel liswaar nie beteken dat die Departement „bekeerd" was nie, maar soos dit in 'n onderwysverslag aan die Ring van Du Toitspan uitgedruk is, „door de rotsvastheid van de Melsetter vrienden krygen andere gemeentes concessies die anders onmogelijk zouden zijn."[1] Daarom was dit dan ook vir baie duidelik dat „Het eindpaal onzer overwinning niet licht in het dwingen van't Gouvernement Hollands op scholen toe te laten, doch in het opvoeden van de Afrikaner, en hem te helpen zijne gemeene recht volstandig te blijveneisen."[2]

Die kerkskole het wel verdwyn maar nie die ideale van die kerkskole nie,[3] en toe besef is dat die Afrikaner sy „gemeene recht" nog steeds ontsê is, sou 'n nuwe poging in die vorm van Christelik-Nasionale skole aangewend word om ook in Rhodesië trag te verkry wat die provinsies in die suide gedeeltelik deur bemiddelling van dié beweging daar bewerkstellig het.

---

1) Verslag: Staat van Onderwys, N.G.Kerk Enkeldoorn, 1917.
2) Idem.
3) Vgl. Kerkbode: 6.11.1913.

## 5. SAMEVATTING EN SLOT.

In hierdie oorsig is die pogings wat die N.G.Kerk aangewend het om 'n doelmatige onderwysinrigting vir sy dooplidmate in die nuwe onbeskaafde land te verseker, geskets. Die pogings van manne en vroue wat geen beroemde opvoedkundiges was en ook nie altyd met die gesag van opvoedkundiges kon praat nie, moet noodwendig power vergelyk met die onderwyshervorminge wat deur 'n gesaghebbende owerheid teweeggebring kan word. Maar juis omdat daar geen staatsgesag was wat die onderwys kon of wou behartig nie, omdat die maatskappy 'n private sakeonderneming was, kon die kerk nie eis dat die staat die kinders van gelowige ouers 'n Christelike opvoeding moet verskaf nie, maar moes die kerk deur middel van sy verteenwoordigers self optree om dit te verskaf. Dit het die Rooms Katolieke Kerk eerste gedoen:en dit was nie net toevallig dat dit juis dié Kerk was nie.

Die N.G.Kerk het met 'n reeks moeilikhede in die nuwe land ten opsigte van behoorlike skole vir die kinders van daardie Kerk te kampe gehad. Die grootste gebrek was aan die begin dat daar geen plaaslike liggaam was wat gesaghebbend kon optree nie, en dat 'n Raad tweeduisend myl ver die onderwyssake moes behartig. Ds. Nel, die eerste predikant, het nie vertoef om die opvoeding van die kinders soos hy dit ingesien het, waar te neem nie. Eers vyf jaar na die besetting van die land het ds. Strasheim met 'n versiende opvoedingsprogram voor die dag gekom, en deur afsending van sendeling-onderwysers die N.G.Kerkskole moontlik gemaak. Die drie manne wat op die mees strategiese plekke gearbei het, moes dikwels in die moeilikste omstandighede hul werk verrig, maar het die moed nie opgegee nie. Byna tien jaar lank was hulle die enigste onderwysers van die Kerk, en hulle werk is eers met die koms van die eerste predikant, ds. Geldenhuys, tot 'n eenheid saamgesnoer. Die staat het intussen ook sy verantwoordelikheid begin besef en het milde toegewings verseker veral nadat die

Beit-erflating die land finansieel gebaat het. Maar dit was al gou duidelik dat die onderwys wat die staat voorgestaan het, nie voldoen het aan die vereistes van die Afrikaanse gemeenskap nie, en dat die landelike bevolking met hul Calvinistiese lewensopvatting, diè onderwys beskou het as iets wat van buite op hulle afgedwing is, en hulle het onbewus in hul gees 'n hele verdedigingsmoganisme daarteen opgebou. Die soort opvoeding wat die staat wou hê, sou nooit by hulle daardie geestelike vryheid en skeppende uitdrukking bewerkstellig het, wat so nodig was vir samewerking en erkenning van hul indiwidualiteit nie, want waar persoonlikheid en indiwidualiteit, hetsy van 'n persoon of 'n volksgroep misken word, daar kan daar tog geen sprake van samewerking wees nie. Daarom moes die kerklike leiers in weerwil van gebrek aan fondse, meesters en simpatie van ouers en owerhede alleen ywer vir die bewaring en handhawing van daardie beginsel van die Calvinistiese opvoeding wat hulle geweet het, aan die volk ten grondslag lê. Maar alleen kon hulle die stryd nie volhou nie, en die kerkskole moes verval; die „men of necessary standing" het ontbreek, het die administrasie gemeen.[1)]

Aangesien die werk van die Kerk by uitstek dié van die gees is, en ook omdat opvoeding in so'n besondere mate tot die gees van die mens beperk is, daarom is dit moeilik om die besondere pogings en prestasies van die N.G.Kerk ten opsigte van die Onderwys in Rhodesië in daardie vroegste jare na hul regte waarde te beoordeel. Feit is dat dit die Afrikaanse gemeenskap kerk- en volksbewus gemaak en bewaar het, en by hulle die vaste wete laat toeneem het, dat, as in die moeilikste omstandighede, toe daar 'n begin gemaak moes word om die land te beskaaf, en te ontgin, met soveel wilskrag en oortuiging so'n mate van sukses behaal en erkenning verkry is, enige nuwe onderneming in belang van die kultuur-, kerk- of skoolstryd met groter welslae in die toekoms bekroon sou word. So'n

1) Education Commission Report, 1908.

stryd sou homself openbaar in die Christelik-Nasionale Onderwysbeweging wat gevolg het op die verval of te wel ook vernietiging van die kerkskole.